



Wes-Kaapse  
Regering

Onderwys

**VIR JOU**



**Graad 12 Wenke vir Sukses  
2023**





## Graad 12-leerder van 2023

Hierdie boek is vir jou voorberei.

Jy het jou finale studiejaar op skool bereik. Wat jy hierdie jaar doen, sal 'n impak hê op die res van jou lewe. Hóé jy aan die einde van die jaar slaag, sal 'n invloed hê op jou toekomsvooruitsigte aan 'n universiteit, jou loopbaan en jou algemene lewensgehalte.

Daarom moet jy nie in Graad 12 jou studie tot die einde van die jaar uitstel nie. Jy moet regdeur die jaar ten minste twee tot drie uur per dag werk.

In hierdie boekie gee ons vir jou belangrike wenke vir sukses.

Die boek bevat wenke oor hoe om te studeer en hoe om eksamen te skryf.

Dit bevat inspirerende stories van suksesvolle Graad 12-leerders.

Dit lys die inhoud wat in elke vak bestudeer moet word om jou te help om jou studieprogram vir die jaar te beplan.

Gebruik hierdie boek tesame met jou handboek en vorige eksamenvraestelle om vir die eindeksamen voor te berei.

Die WKOD wens jou voorspoed en sukses toe met jou finale jaar op skool.

## 2022 NSS-kandidate se reaksies op die Graad 12 Wenke vir Sukses boek

Hieronder is sommige van die kommentaar van vorige NSS-kandidate wat die Graad 12 Wenke vir Sukses waardevol gevind het:

- > "Dit wys hoe toegewyd ek moet wees en die werkklading wat ek bereid moet wees om te leer."
- > "Dit is 'n goeie motiveerder."
- > "Dit laat my spesiaal voel omdat dit uiteindelik tot my deurgedring het dat ek in matriek is en aan my toekoms werk."
- > "Ons as matrieks is vaagweg bewus van goeie studiemetodes of tydsbestuur en hierdie boekie dek alle aspekte vir sukses in graad 12."
- > "Ek het nou 'n beter idee van hoe om vir die eksamen te studeer, 'n manier wat die werk nie so baie laat lyk nie."
- > "Dit laat my spesiaal voel omdat ek besef mense gee werklik om vir ons as matrikulante."



Aan alle WKOD Graad 12 NSS-kandidate

Beste Graad 12-leerder

Die gr.12-klas van 2023 is 'n spesiale groep leerders wat 'n stormagtige begin van die VOO-fase ervaar het. In 2020 in graad 9 en ook in 2021, in graad 10, het jy twee ontwrigtende jare van skool gehad wat deur die Covid-19 pandemie veroorsaak is. Jy het egter veerkragtigheid en toewyding getoon. 2023 is 'n baie belangrike jaar vir jou aangesien dit die einde van jou skoolloopbaan beteken. Die toewyding waarmee jy vanjaar jou studies aanpak, sal jou in staat stel om 'n roete in jou naskoolse onderwys te volg wat die res van jou lewe sal bepaal. Daarom wens ek jou van harte geluk dat jy jou graad 12-jaar bereik het.

Hierdie is jou laaste jaar van formele skoolopleiding en die finale eksamen vir die Nasionale Senior Sertifikaat is uiters belangrik. Ons raai jou aan om regdeur die jaar gefokus te bly en toegewyd te werk, aangesien die gehalte-slaag in die NSS-eksamen die gehalte van jou en jou familie se lewe in die toekoms gaan beïnvloed. Jou sukses hang grootliks af van jou gereelde skoolbywoning, die optimale gebruik van tyd deur jou studieprogram te beplan en die gebruik van verskillende bronne om deeglik vir die eindeksamen voor te berei. Aanvaar dus volle verantwoordelikheid vir jou eie leer en ontwikkeling.

Die WKOD het hierdie "Wenke vir Sukses"-boekie voorberei om jou te help om vir die NSS-eksamen voor te berei. Waardevolle inligting oor al die vakke word verskaf. Die inhoud van die vakke sal jou lei en help om tred te hou met die onderwerpe wat afgehandel is. Dit sal jou ook help om jou studieroooster op te stel. Werk sistematies deur die vakinhoud, gebruik die grafiese organiseerders, maak notas en geheuekaarte en gebruik jou handboeke en studiegids.

Tot dusver het jy baie min ondervinding van die skryf van eksamens. Dit is belangrik dat jy deur vorige eksamenvraestelle werk. Hierdie vraestelle sal jou 'n goeie idee gee van die soort vrae wat jy in die eindeksamen kan verwag. Neem die tyd in berekening wanneer jy die vrae beantwoord, want dit sal jou help om jou tyd in eksamentoestande te bestuur.

Jy moet in staat wees om die kennis en vaardighede wat jy in jou Graad 12-jaar en die voorafgaande jare verwerf het, toe te pas. Ek wil jou aanraai om die "Wenke vir Sukses"-boekie regdeur die jaar ten volle te benut. Vra jou onderwysers, vriende en familieledere vir hulp, indien nodig. Jy kan ook die WKOD se ePortaal en webtuistes wat agterin hierdie boekie verskyn, besoek. Ek wil jou ernstig versoek om vir die webtuiste van die Telematiese Skoolprogram te registreer. Daar sal jy lesse en 'n hersieningsprogram vind wat deur senior en ervare amptenare en vakspecialiste aangebied word. Die WKOD se ePortaal en Telematiese webtuiste is nul-gegradwer - jy betaal geen datakoste nie.

Onthou dat sukses binne bereik is. Glo in jouself, dink positief en werk hard. Jou Graad 12-jaar is 'n belangrike jaar. Maak die beste daarvan en geniet jou laaste skooljaar. Alles hang van jou af; jou toekoms is in jou hande. Jy kan die verskil maak! Volg 'n gesonde diet, oefen gereeld en moenie huier om hulp te soek indien jy oorweldig of depressief voel nie. Moenie moed verloor nie. Wees altyd positief. Ek wens jou alles van die beste toe met jou Graad 12-jaar en jou voorbereiding vir die 2023-eindeksamen.

Ek weet dat jy die Wes-Kaap goed in die eindeksamen sal verteenwoordig.

Die uwe

DON HARIPERSAD  
DIREKTEUR VOO KURRIKULUM  
Datum: 25 Januarie 2023

# Inhoudsopgawe

10 dinge om te doen om sukses in die Graad 12-eksamen te behaal . . . . .	i
My 5 wenke vir sukses . . . . .	1
Stap 1: Tydsbestuur . . . . .	1
Stap 2: Hoe om te studeer . . . . .	1
Voorbeeld Grafiese Organiseerders . . . . .	3
Top Tien woorde wat in toetsvrae gebruik word . . . . .	5
Woordeskat/ Terminologie wat in eksamenvrae gebruik word . . . . .	6
Stap 3: Doeltreffende eksamenskriftegnieke . . . . .	9
5 Selfdoenstappe van 'n Selfgerigte Studieplan . . . . .	10
Voorbeeld van 'n studierooster . . . . .	12
Matriek 2023 Blanco studierooster wat jy kan afdruk . . . . .	13
Leestegnieke . . . . .	15
Laat jou droom bewaarheid word . . . . .	15
Beurse en Lenings . . . . .	19
Inhoud / Konseplyste per vak . . . . .	22
Afrikaans Huistaal . . . . .	22
Afrikaans Eerste Addisionele Taal . . . . .	23
Afrikaans Tweede Addisionele Taal . . . . .	24
Besigheidstudies . . . . .	25
Dansstudies . . . . .	26
Dramatiese Kunste . . . . .	27
Ekonomie . . . . .	28
Elektriese Tegnologie . . . . .	29
English First Additional Language . . . . .	30
English Home Language . . . . .	31
Fisiese Wetenskappe . . . . .	32
Gasvryheidstudies . . . . .	33
Geografie . . . . .	34
Geskiedenis . . . . .	35
Ingenieursgrafika en -ontwerp . . . . .	36
Inligtingstegnologie . . . . .	37
IsiXhosa . . . . .	38
Landboubestuurspraktyke . . . . .	39
Landboutegnologie . . . . .	40
Landbouwetenskappe . . . . .	41
Lewensoriëntering . . . . .	42
Lewenswetenskappe . . . . .	43
Meganiese Tegnologie . . . . .	44
Musiek . . . . .	45
Ontwerp . . . . .	46
Rekenaartoeëpassingstegnologie . . . . .	47
Rekeningkunde . . . . .	48
Religiestudies . . . . .	49
Sesotho en Setswana . . . . .	50
Siviele Tegnologie . . . . .	51
Tegniese Wetenskappe . . . . .	53
Tegniese Wiskunde . . . . .	54
Toerisme . . . . .	55
Verbruikerstudies . . . . .	56
Visuele Kunste . . . . .	57
Wiskunde . . . . .	58
Wiskundige Geletterdheid . . . . .	59
E-Leerondersteuning . . . . .	60

# Bevorderingsvereistes

Om vir 'n Nasionale Senior Sertifikaat te kwalifiseer moet alle leerders 7 nasionaal goedgekeurde vakke aanbied en die skoolgebaseerde assessering vir elke vak voltooi.

SEWE VAKKE	
4 VERPLIGTE VAKKE	MINIMUM SLAAGVEREISTES
2 Tale (een op Huistaalvlak en die ander óf op Huistaal- óf op Eerste Addisionele Taalvlak)	Moet Huistaal met ten minste 40% slaag.
Wiskunde/ Tegniese Wiskunde (slegs vir skole met Tegniese vakrigtings)	Moet twee ander vakke met ten minste 40% slaag.
OF	Moet drie ander vakke met ten minste 30% slaag.
Wiskundige Geletterdheid	Geen gemiddelde punt of % word vir bevorderingsdoeleindes gebruik nie.
Lewensoriëntering	
3 KEUSEVAKKE	
Enige 3 ander goedgekeurde NSS-vakke 'n Kandidaat mag nie beide die volgende vakke neem nie:	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbruikerstudies én</li> <li>Gasvryheidstudies</li> </ul>	


**Moenie na die minimum strewe nie.**

**Probeer om die hoogste moontlike punt in al jou vakke te behaal.**

**Om 'n Baccalaureus-slaag te verwerf, moet jy die volgende behaal:**

- (a) 50% of meer in vier vakke
- (b) 40% in Huistaal
- (c) 30% in die taal van onderrig en leer (TVOL)
- (d) 30% in die oorblywende vakke

\* Let wel: Fakulteitsvereistes by hoër onderwysinstellings is steeds geldig.



## Oor Assessering en Eksamens

### Skoolgebaseerde Assesseringstake (SGA) en praktiese assesseringstake (PATe)

- Die skoolgebaseerde assesseringstake en PATe berei jou voor vir die eindeksamen. Dit is belangrik dat jy 'n goeie punt vir jou skoolgebaseerde assessering (SGA) behaal.
- Voltooi al jou SGA-take nougeset. Maak seker dat jy al jou take op die geskeduleerde datums inlewer. Dit sal jou 'n goeie kans bied om te slaag en goed te vaar. Onthou, as jy nie al jou PATe of SGA-take inlewer nie, sal jy 'n kode '444' ontvang wat "onvoltooid" beteken. Jy sal nie saam met jou maats matrikuleer nie.
- Die PAT is baie belangrik. Deur goeie punte vir jou PAT te behaal, het jy alreeds punte vir jou finale eksamen in Graad 12 verdien. Doen moeite met elke fase van die PAT. Maak seker dat jou implementeringsplan realisties en deeglik beplan is.

## 10 Dinge om te doen om sukses in die Graad 12-eksamen te behaal

- 1 Die **konsepmatriekrooster** is beskikbaar. Bestudeer dit en begin nou beplan. Daar word soms twee eksamens op een dag geskryf en jy sal dus superskerp en wakker moet wees. **Maak seker dat jy die finale rooster nagaan mits daar enige veranderinge is.**
- 2 Daar is minder as 300 dae oor voor die begin van die finale eksamen. Dit sluit alle naweke en vakansies in. Begin vandag en werk elke dag. Stel teikens vir prestasie.
- 3 Moenie **een skooldag** tussen nou en die eksamen misloop nie. Bly gesond en wakker. Luister na jou onderwysers. Hulle het dit al vantevore gedoen en sal jou help om sukses te behaal.
- 4 **Lees** is 'n noodsaaklike vaardigheid wat jou lewe sal verander. Lees elke dag minstens 1000 woorde. Lees akkuraat en vinnig.
- 5 **Skryf** is mag, maar dit moet geoefen word. Ons word almal elke dag op grond van ons skryfwerk beoordeel – ons kan skrif gebruik om te inspireer, beïndruk, oorreed, geluk te wens en liefde uit te druk. Skryf elke dag ten minste 400 woorde – op versigtige, akkurate en pragtige wyse.
- 6 **Handboeke** is noodsaaklike studentegidse. Het jy 'n handboek vir elke vak? Maak seker dat jy een het en dat jy stelselmatig deur jou handboeke werk. Moenie vir jou onderwyser wag om alles te verduidelik nie. Kyk na wat jy in die jaar moet dek en beplan daarvolgens.
- 7 Jou Liggaamsmassa-indeks (**LMI**) kan jou in matriek help. Jou LMI is 'n aanduiding van hoe gesond jy is. Bereken jou LMI en oefen en eet dwarsdeur die jaar gesond om 'n optimale LMI te handhaaf.
- 8 Akademiese werk vereis **konsentrasie en fokus**. Jy moet elke dag besig wees met intensiewe, gefokusde, individuele akademiese werk. Skakel iPod's, musieksentrums, die TV en die selfoon af en geniet elke dag 'n intensiewe en lonende akademiese oefening. Ontwikkel jou breinselle en al jou vriende sal jou beny.
- 9 'n Goeie atmosfeer is bevorderlik vir sukses. Omring jouself met positiewe, gelukkige mense wat wil hê dat jy sukses moet behaal. Jou gesin en vriende se steun sal in die komende 300 dae van groot belang wees. Wees dankbaar vir hulle ondersteuning.
- 10 Matrieksukses vereis **beplanning en harde werk**. Begin vandag beplan en werk. Woon die skool elke dag by. Doen elke dag jou tuiswerk. Lees elke dag. Skryf en reken elke dag. Hou by jou jaarplan.

### Hoeveel van bogenoemde dinge doen jy?

1-2:	Kry dringend hulp.
3-4:	Begin vandag beplan.
5-6:	Jy is op pad. Versterk jou pogings.
7-8:	Jy is goed georganiseerd en amper gereed vir sukses.
9-10:	Jy vaar goed. Help iemand anders om georganiseerd te word vir sukses.

## Wil jy sukses behaal?

### Hier is beproefde wenke vir sukses

- In Graad 12 het jy 'n baie vol program. Jy moet dus deurlopend werk en nie take tot die laaste oomblik uitstel nie.
- Let aandagtig op in die klas om seker te maak dat jy die werk verstaan.
- Neem jou handboek elke dag klas toe en maak dit oop by die onderwerp wat behandel word. Leer jou handboek goed ken. Lees die betrokke gedeeltes wat in die klas behandel is daardie middag of aand deur.
- Doen elke dag al jou tuiswerk.
- Werk netjies en akkuraat.
- Vra jou onderwyser of 'n klasmaat indien jy onseker is of twyfel.
- Woon enige ekstra onderrig wat aan jou gebied word, by.
- Begin lank voor die tyd om vir die eksamen te studeer.
- Stel 'n studierooster op en hou van Dag 1 af daarby.
- Werk stelselmatig deur jou handboek.
- Verfyn jou eksamentegniek; wanneer jy hersien, kies vroeë wat jou swakker areas sal verbeter.
- Leer om skriftelike vrae te beplan en dit duidelik en sistematies te beantwoord.
- Leer hard vir toetse en interne eksamens, asof jy jou vir die eindeksamen voorberei.
- Gebruik vorige eksamenvraestelle vir hersiening. Werk deur die vorige jaar se vraestelle asook deur die voorbeeldvraestelle wat opgestel is om jou met jou eksamen voorbereiding te help. Dit sal jou 'n goeie aanduiding gee van die soort vrae wat jy in die eindeksamen kan verwag.
- Eksamenvraestelle en voorgestelde antwoorde van vorige jare is beskikbaar by die volgende webtuiste: <http://wced.school.za/documents/Matric/matric-n/index.html>
- Vra jou onderwysers en klasmaats om die vrae en antwoorde saam met jou uit te werk.

# Wenke vir Sukses

Hierdie boek is daarop gemik om aan jou inligting te verskaf oor hoe om jou hersiening te beplan, hoe om te studeer, hoe om te onthou wat jy geleer het en hoe om suksesvol eksamen te skryf.

Jou **eerste stap** na sukses is TYDSBESTUUR deur behoorlike beplanning. Jy moet jou aktiwiteite so reël dat tyd ingeruim word vir studeer, take, sport of stokperdjies en vir jou familie en vriende.

In hierdie boek sal jy 'n blanko rooster vind wat jy vir die beplanning van jou studietyd kan gebruik. Maak seker dat jy genoeg studietyd aan elke vak toeken, met 'n bietjie ekstra tyd vir vakke waarmee jy sukkel.

## TYDSBESTUUR = BEPLANNING = SUKSES

In die tweede helfte van hierdie boekie sal jy die inhoud en wenke vir sukses vind vir die vakke wat jy bestudeer. Gebruik die inligting vir jou sewe of meer vakke om jou studierooster op te stel.

Jou **tweede stap** is om te besin oor HOE OM TE STUDEER. In hierdie boekie is daar wenke oor hoe om inligting te kies en te onthou, hoe om goeie notas te maak en hoe om te studeer.

Die **derde stap** is om jouself voor te berei om DOELTREFFEND EKSAMEN TE SKRYF.

NEEM BEHEER VAN JOU LEWE EN JOU TOEKOMS!

BEGIN BEPLAN.

STAP

## 1 TYDSBESTUUR

**Bepan om daaglik te studeer en begin vandag:**

- Stel 'n spesiale studieskedule op.
- 50-minute studieblokke met 10 minute onderbrekings werk goed.
- Kies vaste studietye vir elke dag (met inbegrip van 'n tydgleuf vir naweke).
- Gebruik die Junie-Julie skoolvakansie nuttig.
- Studeer ten minste 3 uur per dag gedurende die vakansie.
- Studievaardighede en -strategieë word slegs studiegewoontes indien dit gereeld beoefen word.
- Breek onderwerpe op in maklik-hanteerbare gedeeltes. Beraam hoeveel tyd benodig word en verdubbel dit dan!



STAP

## 2 HOE OM TE STUDEER

- Besluit wanneer jy die beste werk, bv. vroeg in die oggend, in die middag of saans.
- Waar werk jy graag? Tuis? Biblioteek? Skool? Gemeenskapsentrum?
- Waar kan jy ongestoord werk?




**Rig 'n plek in vir jou studies – tafel, stoel, ruim werkspasie, goeie beligting.**

- Werk jy goed saam met ander? Het jy 'n vriend wat jou studiemaat kan wees?
- Hoe onthou jy inligting die beste? Sien? Hoor? Deur aksie? Mense het verskillende voorkeurleerstyle, maar gebruik almal.




## MY 5 EIENSKAPPE VIR SUKSES



## Maak jou studies aktief deur studiemetodes soos neerskryf, teken, opsom en rympies te gebruik of deur jou studiemaat te leer.

- Konsentreer ten volle en moenie jou gedagtes toelaat om te dwaal nie. Dit is iets wat met oefening verbeter.
- Moenie alles in die laaste minuut probeer baasraak nie.
- Gebruik grafiese organiseerders om notas te maak.



## Berei jou in jou denke voor vir studie (OPVES)

- Gebruik **Ontspanningstegnieke** om jou gedagtes te kalm.
- **Prioritiseer** doelwitte vir elke studieblok.
- **Visualiseer** jouself as in staat om ten volle te konsentreer.
- **Emosionele woorde** vir sukses, inspanning, entoesiasme, energie, ywer
- Gebruik **Selfmotivering** vir 'n positiewe gesindheid.

## Memoriseerbeginsels

- **Wees selektief** wanneer jy studeer. Kies **betekenisvolle** inligting. Jy kan nie alles in besonderhede leer nie. Maak jou eie notas en fokus op wat die belangrikste is.
- **Maak assosiasies** tussen nuwe inligting en dit wat jy alreeds weet.
- **Visualiseer.** Probeer om stories of rolprente in jou gedagtes te skep.
- **Resiteer.** Gebruik jou eie woorde om die inligting aan 'n vriend / familielid te probeer verduidelik. Gaan terug en kontroleer vir akkuraatheid en addisionele besonderhede.



## AANGAANDE MEMORISERING

### Memoriseervaardighede kan aangeleer word.

Daar is baie verskillende vaardighede wat jy kan aanleer om jou te help om gegewens te onthou. Hier is 'n paar voorbeelde:

- Breinkaarte
- Spotprente, prente, etikette
- Rympies – gebruik woorde wat rym om jou te help om belangrike feite te onthou.
- Woordassosiasie, sleutelwoorde, flitskaarte
- Skep van akronieme: bv. RYKE staan vir rus, ys, kompressie en elevasie (Wat jou te doen staan wanneer iemand 'n enkel verstuit het.)
- Groepeer of organiseer – organiseer die gegewens in logiese kombinasies



How to Memorize Fast & Easily  
<https://goo.gl/zrq0mv>


### Geheue – gebruik dit of verloor dit!

Geheuestrategie vereis oefening en dissipline.



# Voorbeeld Grafiese Organiseerders


## DEFINISIE VAN KONSEP



## KWLS

K (Wat ek weet)	W (Wat ek wil weet)	L (Wat ek geleer het)	S (Wat ek nog wil leer)

## Voorbeeld Grafiese Organiseerders



### Leerinskrywing

- Leerders maak 'n 4-kolom tabel in hul boeke.
- Terwyl hulle lees, hou hulle rekord van wat hulle dink asook van nuwe woordeskat.
- Wat hulle wil weet, is 'n geleentheid vir hulle om vrae te stel en dit gee leerders ook 'n idee van wat hersien moet word..

Bladsy	Wat ek verstaan	Nuwe woordeskat	Wat ek wil weet

Aangepas uit: Reiss, J. 2012. *120 Content Strategies for English Language Learners*. Boston, MA: Allyn and Bacon.

## Top Tien woorde wat in Toetsvrae gebruik word

<b>ANALISEER/ ONTLEED</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verduidelik hoe elke deel funksioneer of by die geheel inpas.</li> <li>• Verbeel jou jy is 'n speurder wat die materiaal in dele opbreek.</li> <li>• Skryf die opvallende sowel as die minder opvallende eienskappe of betekenis neer.</li> </ul>
<b>BESKRYF</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee 'n duidelike prentjie van 'n persoon, plek, voorwerp of 'n idee.</li> <li>• Die leser moet uit dit wat hy/sy lees in sy verbeelding 'n prent of 'n flik kan sien en dit in woorde kan neerskryf.</li> </ul>
<b>DEMONSTREER</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee 'n stap-vir-stap prosedure van hoe om iets te doen/ maak.</li> <li>• Noem in 'n stelling waaroor die instruksies handel.</li> <li>• Beskryf wat nodig is en hoeveel benodig word.</li> <li>• Verduidelik elke stap in besonderhede.</li> <li>• Gebruik 'n kolpuntlys of 'n paragraaf.</li> </ul>
<b>KONTRASTEER</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee eienskappe wat nie dieselfde is nie.</li> <li>• Hoe verskil mense, gebeure of voorwerpe?</li> <li>• Verskaf voorbeelde om te verduidelik hoe dit verskil.</li> </ul>
<b>MAAK AFLEIDINGS</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lees tussen die reëls – die antwoord is nie in die leesstuk nie.</li> <li>• 'n Mens maak afleidings uit die inligting of leidrade wat die skrywer verskaf.</li> </ul>
<b>OORREED (ARGUMENTEER OORTUIG)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Stel 'n standpunt!</li> <li>• Neem standpunt in en verdedig een kant van 'n saak. Verskaf feite, statistiek, oortuigings, opinies en jou persoonlike siening.</li> <li>• Maak seker dat jou siening duidelik is.</li> <li>• Sit jou opinie logies uiteen.</li> <li>• Gebruik feite, waarnemings, vergelykings of data om jou siening te ondersteun.</li> </ul>
<b>SOM OP</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Som dit op!</li> <li>• Gee die betekenis in so min woorde as moontlik.</li> <li>• Maak sinteses en gee die belangrikste feite in 'n sin of kort paragraaf weer</li> </ul>
<b>VERGELYK</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee gemeenskaplike eienskappe om aan te toon hoe sake dieselfde of soortgelyk is.</li> <li>• Hoe is mense, gebeure of voorwerpe dieselfde?</li> <li>• Verskaf voorbeelde om te verduidelik hoe dit dieselfde is.</li> </ul>
<b>VERDUIDELIK</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee duidelike beskrywings van 'n gebeurtenis, voorwerp of 'n idee.</li> <li>• Dink aan die vyf W's (Wie, Wat, Wanneer, Waar, Waarom) en die H (Hoe).</li> </ul>
<b>VERTOLK</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skryf jou eie begrip van 'n teksgedeelte neer.</li> <li>• Vra jouself af "Wat beteken _____?"</li> <li>• Verskaf 'n siening vanuit jou eie ervaring en die inligting</li> <li>• waarom jy beskik.</li> </ul>

Vertaal en aangepas uit: <http://www.scholastic.com/teachers/article/top-10-terms-students-need-know-be-successfulstandardized-tests>

WCED FET Literacy Across the Curriculum 2014 Geskryf & Aangebied deur Judi Kurgan: Literacy and Learning

## Woordeskat/ Terminologie wat in eksamenvrae gebruik word

<b>gee rekenskap van</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verduidelik die proses of rede waarom iets is soos dit is.</li> </ul>
<b>ontleed</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skenk aandag aan besonderhede.</li> <li>• Verduidelik hoe elke deel by die geheel inpas.</li> </ul>
<b>beredeneer</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee jou persoonlike standpunt - feite, oortuigings, opinies</li> </ul>
<b>bereken</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik Wiskunde om jou antwoord te bepaal</li> </ul>
<b>vergelyk</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee gemeenskaplike eienskappe/ kenmerke – hoe is mense, gebeure, konsepte of voorwerpe dieselfde</li> </ul>
<b>lewer kommentaar</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bespreek, bespreek krities of verduidelik</li> </ul>
<b>bespiegel</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Raai, beraam, lei af</li> </ul>
<b>kontrasteer</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee eienskappe of kenmerke oor hoe mense, gebeure, konsepte of voorwerpe verskil.</li> </ul>
<b>lei af</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Maak gevolgtrekkings</li> </ul>
<b>definieer</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee die betekenis in jou eie woorde</li> </ul>
<b>demonstreer</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skryf neer hoe om iets stap-vir-stap te doen.</li> </ul>
<b>beskryf</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verduidelik sodat die leser die voorwerp, konsep of gebeure kan visualiseer/ verstaan.</li> <li>• Gebruik byvoeglike naamwoorde om grootte, vorm, eienskappe, kleur en gebruik aan te dui.</li> </ul>
<b>bespreek</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skryf/praat asof jy jou kennis met iemand anders deel.</li> <li>• Gebruik besonderhede en voorbeelde om die onderwerp te verduidelik.</li> </ul>
<b>effek/uitwerking</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• bv. Watter effek het _____?</li> </ul>
<b>verduidelik</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Maak iets duidelik en eenvoudig om te jou interpretasie en begrip te wys.</li> <li>• Gee eenvoudige beskrywings op grond van wat jy weet.</li> <li>• Beskryf deur redes te verskaf</li> </ul>
<b>onttrek</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kies relevante besonderhede</li> </ul>
<b>faktore</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee redes, kenmerke, oorsake, invloede</li> </ul>
<b>gee 'n rede</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee voorbeelde om te verduidelik waarom iets is soos dit is.</li> </ul>
<b>hipotese</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Suggestie om feite of waarnemings te verduidelik</li> <li>• Gee definisies/ kenmerke van 'n persoon, plek, gebeurtenis of voorwerp.</li> <li>• Beskryf vorm, grootte, kleur en ander onderskeidende kenmerke.</li> </ul>
<b>dui aan</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wys, maak iets bekend</li> </ul>
<b>interpreteer/ vertolk</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee jou mening oor die inligting op grond van jou ervaring en die inligting wat jy in die teks kry.</li> </ul>
<b>motiveer</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee bewyse om jou standpunt te ondersteun.</li> </ul>
<b>lys/ maak 'n lys</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skryf elke item wat op die onderwerp van toepassing is, neer.</li> </ul>
<b>motiveer (jou antwoord)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee redes en verduidelik jou antwoord.</li> <li>• Gee voorbeelde, redes en 'n verduideliking</li> </ul>
<b>raamwerk</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Organiseer belangrike data/ inligting op 'n logiese manier</li> <li>• Gebruik getalle of letters om inligting in volgorde te rangskik.</li> </ul>
<b>plot</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Organiseer jou idees en skryf dit op papier neer.</li> <li>• Gebruik 'n raamwerk, grafika, prent, kaart of 'n matriks.</li> </ul>
<b>voorspel</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Maak, op grond van die beskikbare inligting, 'n voorspelling van wat die uitkoms sal wees.</li> </ul>
<b>bewys</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee bewyse of feite wat verduidelik waarom 'n standpunt waar is.</li> </ul>
<b>skets</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Teken 'n rowwe skets, plan of prent om iets te verduidelik of te wys.</li> </ul>
<b>verklaar/ noem</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verduidelik belangrike inligting.</li> <li>• Gee redes en voorbeelde indien nodig</li> </ul>
<b>som op</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee die betekenis in so min woorde as moontlik.</li> <li>• Hervertel die belangrikste feite en belangrike besonderhede in so min woorde as wat jy kan.</li> </ul>
<b>gaan na</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Plaas gebeure, ervarings of gedagtes in volgorde of in 'n tydlyn.</li> </ul>

Aangepas en vertaal uit: Chapman, C. & King, R. 2003. Differentiated Instructional Strategies for Writing in the Content Areas. Thousand Oaks: CA: Corwin Press.

WCED FET Literacy Across the Curriculum 2014 Geskryf & Aangebied deur Judi Kurga

## Geheuewenk 1


Skenk aandag en luister goed in die klas.

- Maak seker jy verstaan die leerstof. Indien nie, vra die onderwyser.

## Geheuewenk 2

Maak nuttige aantekeninge.

- Om inligting in die langtermyngeheue te stoor, moet dit eers deur jou korttermyngeheue of werkende geheue gaan. In hierdie stadium word die geheue beperk deur die hoeveelheid inligting wat dit kan behou. Inligting wat jy in die klas kry, moet neergeskryf word, anders sal jy dit vergeet.
- Wanneer jy uit jou handboeke hersien, soek die belangrike inligting en skryf dit neer. Organiseer dit op 'n logiese manier. Verkort dit tot sleutel terme of 'n vorm wat maklik onthou kan word.



## Geheuewenk 3

Onthou die drie H's:

- **H**erhaal, **H**erhaal, **H**erhaal


## Geheuewenk 4

Gebruik geheuebrûe.

'n Geheuebrug is 'n metode om inligting te onthou deur die vorming van arbitrêre, maklik onthoubare assosiasies.

Voorbeelde:


- **H-He-Li-BeB-CNOF Ne-Na** (vir die eerste paar elemente volgens atoomgetalle gerangskik)
- **Roggbiv** of **Ry oor geel gras, bly in viool**  
(Kleure van die reënboog in korrekte volgorde)



## Geheuewenk 5

Skep voorbeelde.

- 'n Baie effektiewe manier om jou eie begrip te toets is om voorbeelde te skep van verwante konsepte, situasies, verhoudings, gebeure of gevallestudies. Indien jy dit nie kan doen nie, verstaan jy moontlik nog nie hierdie aspek van die sillabus ten volle nie. Vra jou onderwyser / es om hulp.



## Geheuewenk 6

Gebruik visuele beelde.

- Visualisering van 'n konsep, situasie, verhouding of opeenvolging van gebeure kan 'n baie kragtige manier wees om te leer. Maak stories of fliëks op in jou gedagtes, of maak jou eie tekening, stokkiesfigure of strokiesprente.



## Geheuewenk 7

Maak assosiasies.

- Skep verbande tussen die nuwe inligting en iets wat aan jou bekend is.

## Geheuewenk 8

Gebruik repetisiestrategieë.

- Oefen om inligting op te roep deur sleutelidees op te sê, vrae te voorspel, probleemoplossing te oefen en jouself te toets deur ou vraestelle deur te werk.

Toepassing van geheue

As jy eers inligting gememoriseer het, moet jy dit kan gebruik en nie slegs die inligting kan weergee nie. Jy moet die volgende doen:

- Ontleed die inligting
- Identifiseer presies wat die eksamenvraag eintlik vra
- Maak seker dat die inligting wat jy gee wel deur die vraag gevra is
- Pas die inligting in 'n konteks toe in sommige gevalle
- Ontwikkel 'n goed beredeneerde argument in sommige gevalle
- Bied inligting logies en samehangend aan



13 Study Tips  
<https://goo.gl/vPqDv5>



The 9 BEST Scientific Study Tips  
<https://goo.gl/Bcx9f5>

Geniet die uitdaging om jou kennis te laat toets en moenie paniekerig raak nie.

### VERWYSINGS

*Learning resources* (Academic Support Centre, University of Alberta)

*Smart study: a guide to skill yourself to be a better student* (Edumedia, 2005)

Fleet, J, Goodchild, F, and Zajchowski, R, *Learning for success* (Harcourt Brace and Company, 1999)

## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT MATRIEKKLAS VAN 2022

>>> Doen die regte ding! In die eksamenlokaal:

MOETS:	MOENIES:
<ul style="list-style-type: none"><li>• Werk 'n studieprogram uit</li><li>• Studeer hard</li><li>• Maak goeie aantekeninge</li><li>• Slaap genoeg</li><li>• Hersien werk</li><li>• Eet genoeg en gesond</li><li>• Gaan jou rooster elke dag na</li><li>• Bring elke dag jou toelatingsbrief na die eksamenlokaal toe</li><li>• Bring al die nodige skryfbehoeftes (pen, potlood, uitveër, ekstra pen, nieprogrammeerbare sakrekenaar, liniaal, gespesialiseerde vaktoerusting waar vereis)</li><li>• Daag vroeg by die eksamensentrum op (ten minste 40 minute voor die aanvang van die eksamen)</li><li>• Luister na die instruksies van die prinsipaal, hoofopsiener en opsieners</li></ul>	<ul style="list-style-type: none"><li>• Moenie dwelms of medikasie gebruik om jou wakker te hou nie</li><li>• Moenie tot die aand voor die eksamen wag voor jy begin studeer nie</li><li>• Moenie voor die eksamen probeer vasstel wat geëksamineer gaan word nie</li><li>• Moenie notas, memorandum of enige ander materiaal bring wat gebruik kan word om jou 'n onbillike voordeel in die eksamenlokaal te gee nie</li><li>• Moenie by 'n ander kandidaat afskryf nie</li><li>• Moenie probeer om met 'n ander kandidaat te kommunikeer nie</li><li>• Moet jou nie in die eksamen as iemand anders voordoen nie</li><li>• Moenie op 'n onvanpaste manier in die eksamenlokaal optree nie</li><li>• Moenie die instruksies van die hoofopsiener verontagsaam nie</li><li>• Moenie jou skrif of enige antwoordblad uit die eksamenlokaal neem nie</li></ul>

**Moenie jou selfoon in die eksamenlokaal neem nie!**

### AFSKRYWERY IS 'N ERNSTIGE OORTREDING!

Indien jy skuldig bevind word aan afskrywery, sal jou uitslag vir die vak ongeldig verklaar word. Jy sal ook verbied word om vir die volgende drie jaar NSS-eksamens af te lê.

# 3 DOELTREFFENDE EKSAMENSKRYFTEGNIKE

## Eksamenskryfwenk 1

Daag vroeg op en wees gereed om te begin.

## Eksamenskryfwenk 2


Lees en verstaan die instruksies.

- Maak seker dat jy die regte eksamen vraestel ontvang het.
- Lees die INSTRUKSIES aan die begin van die vraestel ALTYD baie noukeurig. Baie studente neem nie genoeg tyd om dit te doen nie en ontdek dan later dat hulle die verkeerde vrae beantwoord het. Moet jy net 'n sekere aantal vrae beantwoord of almal? Vra as iets nie vir jou duidelik is nie.

## Eksamenskryfwenk 3

Kyk vooraf na die vraestel en ken die tyd wat nodig is aan elke deel toe.

- Kyk die hele eksamen vraestel deur voor jy begin skryf. Kyk hoeveel vrae daar is en hoeveel punte dit tel. Om die vrae te vluglees, sal help om jou geheue te aktiveer. Besluit watter vrae die maklikste sal wees om te doen en watter meer tyd sal neem. Identifiseer waar jy keuses het tussen vrae en **binne** vrae en besluit watter vrae om te beantwoord. Ken tyd toe vir die beantwoording van elke vraag. Laat ook tyd toe om jou antwoorde deur te gaan en korreksies aan te bring. As jy aan iets dink terwyl jy vooraf na die vraag kyk, skryf dit dadelik neer.



## Eksamenskryfwenk 4

Pak elke vraag sistematies aan.

- Lees elke vraag noukeurig deur en onderstreep sleutelwoorde, veral die werkwoorde wat vir jou sê wat om te doen.
- Is dit 'n enkelvoudige of tweeledige vraag? Wat, volgens die vraag, moet jy doen?
- Identifiseer wat jy het en wat jy nodig het. Beplan hoe jy die vraag gaan beantwoord en maak 'n paar notas oor die stappe wat jy sal volg. Dit sal vir jou en vir die persoon wat die antwoordskrif nasien 'n idee gee oor hoe jy die vraag benader het. Dit sal jou ook help om jou foute te vind en te korrigeer.
- Party vrae kan van jou verlang om jou kennis **toe te pas**. Skryf jou antwoord neer in die formaat wat versoek is, bv. 'n opstel, 'n program, 'n oorsig, 'n onderhoud, 'n brief, 'n berekening.

## Eksamenskryfwenk 5

Skryf iets vir elke vraag neer.

- As 'n definisie al is wat jy kan gee, doen dit gerus. Indien die tyd min word, beantwoord die vraag puntsgewys i.p.v.

in volsinne. Skryf enigiets neer wat jy weet wat met die vraag verband hou.

## Eksamenskryfwenk 6

Sit jou antwoorde duidelik uiteen.

- Skryf leesbaar sodat die nasiener dit maklik kan lees. Laat spasies tussen vrae en begin altyd 'n nuwe **afdeling** op 'n skoon bladsy. Maak seker dat jou vrae korrek genommer is ooreenkomstig die nommering op die vraestel.

## Eksamenskryfwenk 7

Indien jy voel dat jy nie in staat is om 'n sekere vraag te beantwoord nie, moenie paniekerig raak en toelaat dat angs jou eksamenprestasie affekteer nie.

- Vra jousef af "Wat moet ek **weet** om hierdie vraag te beantwoord?" en begin om wat in jou gedagtes is, neer te skryf. Vermo negatiewe selfmotivering – fokus op die taak in plaas van op jousef.

## Eksamenskryfwenk 8

Lees oor en doen korreksies.

- Neem tyd om jou antwoorde deur te gaan. Moenie iets verander tensy jy seker is dat dit verkeerd is nie. Kontroleer wiskundige antwoorde deur truberekeninge te doen. Kyk na die proses wat jy gebruik het. Maak seker jy het alles geskryf waarvoor gevra is.

## Eksamenskryfwenk 9

Bly tot aan die einde.

- Moenie die eksamenlokaal verlaat voor die tyd verstreke is nie. Partykeer neem dit 'n bietjie langer voor die inligting uit jou geheue tevoorskyn kom. Gebruik dus al die tyd wat aan jou toegeken word.



Onthou die volgende wanneer jy eksamen skryf:

- Let op die werkwoord aan die begin van elke vraag. Dit sal aandui hoe jy die vraag moet beantwoord.
- Lees die instruksies by vrae/ aktiwiteite om seker te maak jy verstaan wat gevra word.
- Skryf altyd netjies en leesbaar. Die **nasiener** van jou Graad 12 eksamenskrif moet jou handskrif kan lees.

<b>WEES SPESIFIEK</b> <ul style="list-style-type: none"> <li><input type="checkbox"/> Skryf in een sin neer wat jy wil leer</li> <li><input type="checkbox"/> Skryf dit in diepte neer</li> <li><input type="checkbox"/> Verdeel dit in onderafdelings</li> <li><input type="checkbox"/> Kies die eerste onderwerp waarop jy gaan fokus</li> </ul>	<b>MEET WAT JY LEER</b> <ul style="list-style-type: none"> <li><input type="checkbox"/> Hoeveel uur per week?</li> <li><input type="checkbox"/> Sal ek iets spesifieks kan bereik?</li> </ul>	<b>MAAK DIT BEREIKBAAR</b> <ul style="list-style-type: none"> <li><input type="checkbox"/> Wat het ek nodig?</li> <li><input type="checkbox"/> Tyd/ ruimte/ data/ internettoegang?</li> </ul>
<b>RAAK S.M.(h)A.R.T</b> @RachelDobbs1 #SelfDirectedLearning	<b>HOE RELEVANT IS DIT VIR JOU?</b> <ul style="list-style-type: none"> <li><input type="checkbox"/> Wat sal ek bereik as ek hierdie werk leer?</li> </ul>	<b>STEL 'N TYDBEPERKING</b> <ul style="list-style-type: none"> <li><input type="checkbox"/> Wat sal ek teen die einde van dié week leer?</li> <li><input type="checkbox"/> Binne 2 weke?</li> <li><input type="checkbox"/> Binne 'n maand?</li> </ul>

## 5 Selfdoenstappe van 'n Selfgerigte Studieplan

### #1: Verstaan jou motivering

Begin met **waarom** jy regtig wil studeer. As jy jou eie motivering waarom jy wil studeer, verstaan, sal dit jou motiveer indien jy later wil tou opgooi.

### #2: Wees duidelik en S.M.A.R.T. oor wat jy wil studeer

- **S** – Wees spesifiek
- **M** – Meet wat jy studeer
- **A** – Stel hAalbare doelwitte
- **R** – Maak jou studies relevant. Waarom moet ek dit studeer?
- **T** – Tel 'n tydbeperking: bepaal wanneer jy beoog om 'n deel van die werk klaar gestudeer te.

### #3: Organiseer jou tyd en hou rekord van wat jy studeer

Deel van die lekkerte van selfgerigte of aanlyn studie is dat jy teen jou eie pas kan studeer. Maak 'n staande afspraak met jouself, byvoorbeeld: “Ek gaan Woensdag vir 1 uur onderwerp A, B of C studeer.”

### #4: Maak 'n openbare verbintenis tot jou studie en kry 'n studiemaatjie

Dit is goed om jou in die openbaar tot jou studies te verbind: vertel ander mense wat jy beoog om te doen. Dit kan 'n vriend of 'n familielid wees. Vra hulle om om op te volg hoe jy studeer en om jou aan jou studiedoelwitte te herinner as jy dalk die pad byster raak. Jy kan hierdie stap uitbrei deur 'n studiemaatjie te kry – iemand wat saam met jou kan studeer. Julle kan gereeld vir mekaar vra hoe dit met die studies gaan, mekaar verantwoordbaar hou en deel wat julle besig om te studeer.

### #5: Pas wat jy studeer het in lewensgetroue situasies toe

Kry 'n manier om jou studies prakties te maak. As dit wat jy studeer jou help om werklike probleme op te los, sal jy gemotiveerd bly en jy sal kans kry om jou nuwe vaardighede en kennis te toets.

<https://rachel.we-are-low-profile.com/blog/5-step-self-directed-learning-plan/>




# Maak die regte keuses >>> vir 'n gesonde lewe!

As jy die regte keuses maak, sal jy goed lyk en goed voel. Om gesonde keuses te maak is ook belangrik vir die voorkoming van siektes.

## Wenke vir 'n gesonde lewe

### 1. Jy is wat jy eet ... kyk na die inhoud van die “perfekte” ontwerpersbord

- Eet elke dag 'n verskeidenheid voedselsoorte om al die noodsaaklike voedingstowwe in te neem
- Maak jou bord kleurvol en korrelig! Vrugte en groente bied vitamine en minerale wat jou oë sal ophelder, jou vel gesond hou, jou hare laat blink en jou liggaam teen baie siektes sal beskerm.
- Voedsel wat proteïene bevat, maak jou spiere sterk. Eet vleis met min vet. Peulgewasse (lensies, ertjies, bone) is ook 'n goeie bron van kragtige proteïene!
- Styselagtige voedsel met baie vesel en graan sal jou langer versadig hou en help keer dat jy vet word!



### 2. Beperk “soms”-kosse ... jy sal goed lyk én goed voel

- “Soms”-kosse = gemorskos of lekkernye
- Hierdie kossoorte bevat dikwels baie vet, sout en/ of suiker. Dit kan tot oorgewig lei, jy sal traag wees en dit verhoog jou kans om leefstylsiektes te ontwikkel. Los dit dus maar vir spesiale geleenthede!
- Beveg vet! Eet minder vetterige, gebraaide en olierige kos.
- Skud die soutgewoonte af! Gebruik sout spaarsaam: wees op die uitkyk vir verborge sout in lekkernye (bv. aartappelskyfies) en souterige kos (bv. polonie, weense worsies en wegneemetes). Daar is genoeg sout in ons dieet; dit is dus nie nodig om sout aan tafel by te voeg nie.
- Tem jou soettand! Eet minder suiker en soetgoed (bv. soet gaskoeldrank, lekkers, koek, oliebolle).
- Sit gesonde kos in jou kosblik of koop 'n gesonde toebroodjie eerder as gemorskos / wegneemetes wat propvol ongesonde vet, sout en suiker is.

### 3. Doen oefeninge om jou liggaam en verstand te stimuleer!

- Beweeg meer, wees aktief en eet gesond. Dit is die beste manier om te verhoed dat jy gewig optel en siektes ontwikkel.
- Ontspan saam met jou vriende en raak fiks! Gaan stap of sluit aan by die rugby-, sokker- of swemspan of beoefen jou gunsteling sportsoort!
- Skakel af ... Beperk skerm-tyd (bv. TV, die internet, rekenaarspeletjies, sosiale netwerke op jou foon) en kom aan die beweeg! Versterk liever jou sosiale lewe: dans meer, stap met jou vriende tot by die winkelsentrum of die park, ens.

### 4. Wees wys – moenie rook of dwelms gebruik nie!

- Moet nooit begin rook of dwelms gebruik nie – dit is verslawend en kan jou dood veroorsaak. Bly dus weg daarvan!
- Moenie ander mense se tweedehandse rook inasem nie. Dit is net so gevaarlik en stel jou in gevaar. Moedig jou vriende en gesinslede aan om op te hou – ter wille van jou gesondheid en hulle s'n!
- Indien jy rook of dwelms gebruik, vra hulp om op te hou.

### 5. Dink na oor wat jy drink!

- Raak ontslae van soet gaskoeldrank wat jou vet maak; drink gereeld gesonde, vars water!
- Jy hoef glad nie alkohol te drink nie. Dit verhoog jou kans om siektes op te doen en om in ongelukke betrokke te raak. Dit kan jou in gevaarlike situasies laat beland.

## Wat is 'n gesonde lewenstyl?

Gesonde lewenstyle handel oor die maak van keuses wat mense van alle ouderdomme kan help om beter lewensgehalte te geniet.

### Gesonde lewenstyle begin met:

#### Die regte voedsel

- Eet 'n VERSKEIDENHEID kossoorte.
- Eet BAIE vars vrugte & groente, graan & bone
- Eet MIN vet, suiker en sout
- Drink BAIE water!

#### Daaglikse oefening

- Enige persoon van enige ouderdom kan baat vind!
- Beweeg energiek vir 30 minute per dag!
- Stap, dans, speel, spit in die tuin – enige aktiwiteit wat jy geniet!

#### Gesondheid

- Ondergaan gereelde gesondheidstoetse
- Bly weg van tabak en dwelms
- As jy 'n probleem het, vra jou gesondheidswerker of maatskaplike werker vir hulp.

Maak die gesonde keuse en geniet die lewe TEN VOLLE!!

## Voorbeeld van 'n studierooster vir 2023

3 studieblokke van 50 minute elk per dag met 'n 10-minute onderbreking tussen elke blok.  
Vakkombinasie: Engels, Afrikaans, Wiskunde, Lewensorientering, Geskiedenis, Ekonomie, Lewenswetenskappe

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
		1 <b>Wisk:</b> Kwadratiese vergelykings en ongelykthede <b>Gesk:</b> Die Burgerregte-bewegings en Swartmagbewegings in die USA <b>Ekon:</b> Kringloopmodel, nasionale rekening en vermenigvuldiger	2 <b>Wisk:</b> Gelyktydige vergelykings <b>Gesk:</b> Die Swartbewussynsbeweging in SA <b>Ekon:</b> Sakesiklusse	3 <b>Wisk:</b> Getalpatrone en reekse (lineêr en kwadratiese) <b>Gesk:</b> Apartheid in die 1980s <b>Ekon:</b> Rol van die openbare sektor	4 <b>Wisk:</b> Rekenkundige en Meetkundige rye en reekse <b>Gesk:</b> Suid-Afrika in die 1990s <b>Ekon:</b> Buitelandse valutamark	5 <b>Wisk:</b> Funksies en grafieke <b>Gesk:</b> Hersien afdelings van die laaste 4 dae. <b>Ekon:</b> Hersien afdelings van die laaste 4 dae. Self-vasvrae. Kyk na vorige vraestelle
6 Ontspan met gesin	7 <b>Eng:</b> Paper 2 HL Poetry Genre 1/2 <b>Lew Wet:</b> DNA en RNA <b>LO:</b> Burgerskap-opvoeding	8 <b>Eng:</b> Paper 2 Drama HL Read network FAL <b>Lew Wet:</b> DNA en RNA <b>LO:</b> Handves van Menseregte	9 <b>Eng:</b> Read network - socio-political and cultural background of text <b>Lew Wet:</b> Oorerflikheid en genetiese siektes <b>LO:</b> Arbeidswetgewing	10 <b>Eng:</b> Paper 1 Summary writing <b>Lew Wet:</b> Oorerflikheid en genetiese siektes <b>LO:</b> Vakbonde	11 <b>Eng:</b> Read network - themes, messages and values in the text <b>Lew Wet:</b> Plantreproduksie <b>LO:</b> Wet op gelyke werksgeleenthede	12 <b>Eng:</b> Read network - characters and their relationships <b>Lew Wet:</b> Plantreproduksie <b>LO:</b> Werketiek
13 <b>Afr:</b> Kortverhale - lees die verhaal	14 <b>Afr:</b> Kortverhale - inhoud van die verhaal <b>Lew Wet:</b> Plaaslike omgewingskwessies - terminologie <b>Eng:</b> Paper 2 Novel HL, Genre 1/2 FAL	15 <b>Afr:</b> Kortverhale - karakters, hul karaktereienskappe <b>Lew Wet:</b> Lugbesoedeling <b>Eng:</b> Writing Literature essays and answering contextual questions	16 <b>Afr:</b> Kortverhale - gebeure; oorsaak en gevolg van gebeure <b>Lew Wet:</b> Waterbesoedeling <b>Eng:</b> Interpreting and answering visual literacy question	17 <b>Afr:</b> Kortverhale - ironie, tema, boodskap en soort verteller <b>Lew Wet:</b> Grondbesoedeling <b>Eng:</b> Paper 1 editing; language in context	18 <b>Afr:</b> Kortverhale - Tyd en ruimte (milieu/agtegrond) van die gebeure <b>Lew Wet:</b> Uitputting van natuurlike hulpbronne <b>Eng:</b> Paper 3 shorter transactional writing	19 Gesinsfunksie Rusdag
20 <b>Afr:</b> Kortverhale - Kontraste <b>Lew Wet:</b> Waste management <b>Gesk:</b> Die Swartbewussynsbeweging in SA	21 <b>Wisk:</b> Funksies en grafieke - parabool, hiperbool <b>Ekon:</b> Sakesiklusse - samestelling en kenmerke <b>Gesk:</b> Idees van Steve Biko	22 <b>Wisk:</b> Funksies en grafieke - eksponensiaal <b>Ekon:</b> Sakesiklusse - verduidelikings, Owerheidsbeleid <b>Gesk:</b> Uitbreiding van die Swartbewussynsbeweging	23 <b>Wisk:</b> Funksies en grafieke - inverse funksies <b>Ekon:</b> Sakesiklusse - nuwe ekonomiese paradigma <b>Gesk:</b> 1976 Soweto-studente-opstand	24 <b>Wisk:</b> Funksies en grafieke (trig) en hul transformasies <b>Ekon:</b> Sakesiklusse - eienskappe, voorspellings <b>Gesk:</b> Impak van SBB	25 <b>Wisk:</b> Funksies en grafieke - hersien alles <b>Ekon:</b> Sakesiklusse - hersien alles <b>Gesk:</b> Impak van Steve Biko	26 Rusdag

# MATRIEK 2023 - TEMPLAAT VAN 'n STUDIEROOSTER WAT JY KAN GEBRUIK

Sun/So.	Mon/Ma.	Tues/Di.	Wed/Wo.	Thurs/Do.	Fri/Vr.	Sat/Sa.

# SELFEVALUERING

## Matriekondersteuning

Ek beoordeel myself elke kwartaal deur aan te dui of ek my doelwitte in elke vak bereik het. Skryf die persentasie wat jy vir elke vak behaal het en omkring dan JA (J) of NEE (N) indien jy jou teiken bereik het al dan nie.

### Huistaal

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
%	J / N	%	J / N	%	J / N	%	J / N

### Eerste Addisionele Taal

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
%	J / N	%	J / N	%	J / N	%	J / N

### Lewensoriëntering

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
%	J / N	%	J / N	%	J / N	%	J / N

### Wiskunde/ Wiskundige Geletterdheid

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
%	J / N	%	J / N	%	J / N	%	J / N

### Vak 1 .....

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
%	J / N	%	J / N	%	J / N	%	J / N

### Vak 2 .....

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
%	J / N	%	J / N	%	J / N	%	J / N

### Vak 3 .....

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
%	J / N	%	J / N	%	J / N	%	J / N

### Vak 4 .....

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
%	J / N	%	J / N	%	J / N	%	J / N

### Vak 5 .....

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
%	J / N	%	J / N	%	J / N	%	J / N

# 2023 Graad 12-leerders



## Hierdie is julle geleentheid om julle drome te bewaarheid

Graad 12 is 'n uitdagende en veeleisende jaar vir leerders. Jy het bykomende ondersteuning en goeie advies nodig. Hierdie boekie poog om huidige graad 12-leerders te motiveer en aan te moedig deurdat hulle die suksesverhale lees van sommige van die leerders wat goed gevaar het in vorige Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens. Hierdie leerders deel hulle verhale mee deur eers hulle agtergronde en die strategieë

wat hulle gebruik het om goeie uitlae te verseker, te skets, en dan woorde van bemoediging en motivering te voorsien.

Daar word vertrou dat wanneer jy die verhale van hierdie suksesvolle NSS-kandidate lees, jy aangemoedig en oortuig sal word dat, ongeag die omstandighede en die uitdagings wat jy in die gesig staar, jy sukses kan behaal as jy harder en slimmer werk.

## Lees en Leer

### Die O-VLOK-H-metode om 'n handboek te bestudeer

Die O-VLOK-H-metode is 'n beproefde, stapsgewyse strategiese benadering om uit handboeke te leer. Waarom is dit suksesvol? Omdat dit jou help om die belangrike feite en idees in jou handboek te vind, en om daardie inligting te bemeester en te onthou sodat jy voorbereid is vir die eksamen.

O-VLOK-H is 'n afkorting wat jou help om die stappe te onthou en dit maak ook verwysings daarna makliker. Die letters dui die stappe wat gevolg word aan: (O = oorsig, V = vrae stel, L = lees, O = opsom/opskryf, K = kontrole, H = hersiening)

Indien hierdie ses stappe toegepas word, sal dit jou studietyd meer doelgerig en doeltreffend maak. Alhoewel dit tyd verg en inge oefen moet word, sal dit nie meer nodig wees om hoofstukke in jou handboek oor en oor te lees indien jy die metode aangeleer het en kan toepas nie.

'n Verdere voordeel van die O-VLOK-H-metode is dat jy dikwels jou eie vrae oor 'n toets kan opstel. Omdat baie onderwysers die handboek as 'n oorsig van die vakinhoud gebruik, sal hul toetsvrae uit dieselfde bron kom as die een wat jy gebruik. As jy jou notas en tekste deurgaen, sal jy baie eksamenvrae kan voorspel en antwoorde daarop kan voorberei.

Hieronder volg 'n beskrywing van elk van die stappe:

#### 1. OORSIG: (voor die les)

Hierdie oorsig behoort nie langer as 20 – 25 minute te duur nie, selfs vir die langste hoofstuk. Die doel van die hoofstukoorsig is om 'n geheelbeeld te kry waaroor dit handel, watter inligting die skrywer verskaf, in hoeveel sub-onderwerpe die inligting verdeel is en hoeveel tyd jy aan die lees daarvan sal bestee. Lees die volgende:

- ➔ Titel van die hoofstuk
- ➔ Inleiding
- ➔ Doelwitte
- ➔ Woordeskat
- ➔ Opsomming
- ➔ Hersieningsvrae
- ➔ Vetgedrukte opskrifte
- ➔ Grafika en byskrifte

#### 2. VRA: (voor die les)

Verander elke vetgedrukte opskrif in 'n vraag deur een van die volgende woorde te gebruik: wie, wat, waar, wanneer, waarom of hoe.

- ➔ Die rede waarom 'n vraag uit elke opskrif geformuleer word, is om 'n doel te stel waarom die materiaal in meer besonderhede gelees moet word. Indien jy lees om 'n antwoord op 'n spesifieke vraag te kry, lees jy aktief.

#### 3. LEES: (na die les)

Lees die gepaardgaande teks onder die opskrif aktief om 'n antwoord te kry op die vraag wat jy in Stap 2 gestel het. Die antwoord sal gewoonlik bestaan uit die hoofidee(s) en die ondersteunende idees van die paragraaf/ paragraawe.

Lees die gedeelte sodat jy die antwoord op jou vraag kan kry. Die rede waarom jy lees, is om die antwoord op jou vraag te kry.

#### 4. OPSOM/ OPSKRYF: (na die les)

Hierdie stap behels dat jy die werk neerskryf. Jy kan 'n verskeidenheid opsommings volgens jou eie keuse maak: Gewone manier: Trek 'n aantal kolomme vir die aantal hoofgedagtes wat jy het en plaas dan al die kernwoorde onder die betrokke ooreenstemmende hoofgedagte. Vloediagram. Plaas die hoofgedagtes, verspreid onder mekaar, met lyne vanuit die hoofgedagte vir soveel kernwoorde (onder mekaar) as wat daar is.

Visualisering - "sien"/dink in prentjies. Gebruik 'n eenvoudige tekening/prentjie vir voorstelling, bv. roetine \*\*\*\*\* (stel herhaling voor) Onthou: jy moet dit kan herroep. Kleur moet helder, kontrasterend en nie te veel wees nie.

Geheuekaart. Plaas die blad dwars voor jou. Skryf/teken die onderwerp in die middel. Gebruik verskillende kleure. Trek lyne wat die hoofgedagtes kloksgewys vorm. Gebruik drukskrif. Vanaf die hoofgedagtes se lyne trek lyne vir soveel kernwoorde as wat daar is. Skryf die woorde bo-op lyne sodat dit leesbaar is. Hoofgedagtes word in hoofletters geskryf en kernwoorde in klein letters. Trek 'n "wolk" om elke hoofgedagte, met sy kernwoorde. As jy iets wat jy gelees het, neerskryf, sal jou begrip en onthouvermoë verbeter.

#### 5. KONTROLE: (voor die volgende les)

Maak seker daar ontbreek nie inligting in jou handboek of notas nie, want jy gaan hierna slegs jou opsommings gebruik om te leer.

#### 6. HERSIEN (voor die volgende les)

Dit is die laaste stap waartydens jy gaan seker maak dat jy jou opsomming "in jou kop kry".

Hou jou antwoorde toe en stel dan die vrae aan jouself. Indien jy nie die vraag kan beantwoord nie, kyk weer na jou notas en toets jouself weer. Wanneer jy seker is dat jy die vraag en antwoord verstaan, kan jy dit afmerk.

Die doel van hersiening is om jou te help om vir die eintlike toets voor te berei.

Onthou dat baie min mense handboeke vir genot lees; handboeke word gelees om inligting te verkry en om daardie inligting te onthou en toe te pas. Hersiening help jou om die inligting te onthou.



4 strategies to master  
Reading with understanding  
<https://goo.gl/LzegQI>

## Adelaide Jansen

Fezekile Sekondêre Skool

As ek aan matriek dink, is die eerste woorde wat by my opkom werk, werk en nogmaals werk! Ek vra myself of daar ooit 'n manier is om hierdie hope werk aan te pak? Maar dit is darem nie heeltemal so erg nie.



Ek wil graag aan die Graad 12-klas van 2021 'n paar wenke gee oor hoe om hul eindeksamen met vlieënde vaandels te slaag. Eerstens, is dit baie belangrik om te weet wat dit is wat jy wil hê. Hierdie sal jou 'n goeie idee gee oor hoeveel jy moet insit. Stel vir jousef doelwitte, maar wees versigtig om nie te hoë verwagtinge van jousef te hê nie. Onthou, jy weet tot hoeveel jy in staat is en as jy te veel druk op jousef plaas, sal dit later voel asof jy geen vordering maak nie.

Daag jousef uit. Sê vir jousef dat jy dit kan doen, dat jy dit móét doen en dat jy dit sal doen. Op hierdie manier herinner jy jousef waarom dit belangrik is vir jou om jou eindeksamen te slaag. Dit is verstane as jy soms sal voel om tou op te gooi, maar verander hierdie negatiewe denke na positiewe denke. Dink aan iets wat jou gelukkig maak en laat ontspan, daarna sal jy weer lus kry vir die lewe.

Gebruik die onderwysers se ekstra moeite tot jou eie voordeel. As daar ekstra klasse aangebied word, woon elkeen van hierdie by, want 'n mens weet nooit te veel nie. Moenie huiwer om hulp te vra nie. Maak dus gebruik van jou klasmaats. Daar is dalk een wat iets beter verstaan en jou dan kan help om dit ook te verstaan; julle kan ook studiegroepe vorm.

Dit is van'n uiterste belang om 'n studierooster te hê. Hierop sal jy die tye het wanneer jy sal studeer. Dit sal goed wees as jy eers met die belangrike vakke begin. Nadat jy klaar geleer het, kan jy jousef beloon deur 'n bietjie te rus. Byvoorbeeld, as jy na skool vir 'n uur met jou boeke gesit, het kan jy die volgende 15 minute voor die televisie ontspan.

Jy sal dit nooit regkry om 'n vak met goeie punte te slaag as jy nie daarvan hou nie. Verander dus jou houding teenoor jou skoolwerk.

Moenie uitstel nie. "Procrastination is the biggest time thief". Jy sal definitief nie goeie resultate kry as jy 'n aand voor die tyd gaan studeer nie. Gaan deur werk wat die vorige dag in die klas behandel is, so maak jy seker dat jy dit verstaan en indien nie, kan jy jou onderwyser nader. Dit sal ook baie help wees as jy goed deur vorige jare se vraestelle werk. Die onderwyser verskaf genoeg hiervan en die internet is propvol daarvan.

Al hierdie dinge klink dalk asof dit te veel moeite is, maar glo my jy sal nie spyt wees oor al hierdie moeite nie, want as jy jou matriekuitslae ontvang, sal jy sien dit was alles die moeite werd.

Sterkte Graadtwaalfs!

## Githe Vorster

HS Piketberg  
Matriek 2020

Op julle merke, gereed, gaan! Die wedloop het begin. Die tyd is min en dit vra uithouvermoë. Dis amper soos 'n jaagtoneel in 'n fliëk, maar net belangriker, want dis jou lewe. Daar is nie tyd vir enige iets of enige iemand nie. Dis hoe Matriek altyd aan my verduidelik is.



Hierdie beskrywing is nie heeltemal verkeerd nie, maar ek wil ook nie toekomstige matrieks afskrik nie, daarom sal ek dit verander na: Die wedloop het begin. Die tyd is min. Dit is soos 'n jaagtoneel in die fliëks, maar jy ry in 'n afslankapmotor en die wind waai deur jou hare. Jy is self agter die stuur. Die adrenalien jaag deur jou are. Jy is "on top of the world."

Daar word gesê dat die belangrikste vaardigheid vir matrikulante "tydsbestuur" is, want anders gaan jy nie alles klaarkry/regkry nie, maar ek wil iets byvoeg: VERTROUE - vertrou in jousef en vertrou in jou onderwysers.

Jy moet glo, nee, jy moet WEET, dat jy in staat is om deur die Rekordeksamen en die NSS-eksamen te kom.

Hoe?

Jou onderwysers het die kennis en jy moet vertrou dat hulle jou belange op die hart dra om jou goed genoeg voor te berei.

Maar JY moet ook hard werk. Harde werk lei tot selfvertroue. Daarom, moenie vergeet van al die, kom ons noem dit maar "cliché"-wenke wat altyd aan matrieks gegee word nie. Dis waar, dit werk en dit help BAIE. Werk hard, doen vaslegging, beplan en beoefen tydsbestuur. Dit gee jou selfvertroue wanneer die "curve balls" van die lewe jou tref en met selfvertroue sal jy van al die "curve balls" 6'e maak!

Matriek is verseker een van die lekkerste jare van jou skoolloopbaan, maar dis ook 'n harde en moeilike jaar. Daarom, wanneer jy voel dat jy op jou laagste punt - "rockbottom" - is soos hulle dit noem, onthou, "rockbottom" is die beste fondasie om op te begin bou. 'n Wyse man bou sy huis mos op 'n rots, of hoe?

2020 was nie die ideale matriekjaar nie, dis verseker, maar nou is ons net meer voorbereid vir die wêreld daar buite, en ek is oortuig daarvan dat die Matrieks van 2021 ook die "grootmenslewe" met SELFVERTROUE gaan aanpak. Want dis wat regtig saak maak.

Alle sterkte aan ieder en elke matriekleerder van 2021.

**Nephanté Tieties**  
**Roodezandt Sekondêre**  
**Skool**  
**Matriek 2020**



Matriek!

Net die gedagte aan jou laaste skooljaar bring die grootste opgewondenheid.

Toe ek my rapport aan die einde van 2019 ontvang en besef dat ek in 2020 'n matriekleerder sal wees, het my hart oorgeloopt van vreugde. Nooit het ek gedink dat my laaste skooljaar, wat veronderstel was om een onvergeetlike jaar te wees, so verskriklik vreemd sou uitdraai nie.

COVID-19. Pandemie. Ongevraagd brei ons woordeskat uit. Isolاسie, handsanitasie en maskers het ons nuwe normaal geword. Onsekerheid en vrees het totaal oorgeneem.

Tydens die grendeltydperk was my grootste kwelling: "Wat nou van my toekomsdrome? Hoe kan ek steeds sukses behaal in so 'n abnormale jaar?"

Wel, om drome in die lewe te bereik, vereis mos om 'n visie én 'n missie te hê. Dit begin by jou ingesteldheid. Of hoe? 2020 was 'n jaar van uitdagings waarvan ons nog nooit gehoor het nie. Van trauma op baie vlakke. 'n Jaar waarin ek besef het ek moet maar net van dag tot dag lewe. Dat ek elke dag ywerig moet aanpak en dit wat die dag inhou net reguit in die oë moet kyk.

Daar was dae dat ek gevoel het ek kan glad nie meer byhou met alles wat ek sien, hoor en voel nie, dat alles net te veel raak. In sulke tye was dit die uitsien na die vervulling van my toekomsdrome wat my weer moed en uithou vermoë gegee het, my aangespoor het om elke dag net beter te werk. My laat glo het dat daar regtig lig aan die einde van die donker, onseker tunnel sal wees. My motto was: Bly positief. Bly gefokus. Werk hard. Werk elke dag.

Matrieks van 2021, net soos ons nie geweet het wat die jaar 2020 vir ons inhou nie, is 2021 nog redelik onbekend vir julle. Wat ek wel kan sê en wat vir my 'n groot bron van bemoediging was, is: Niks is onmoontlik nie. Nie 'n pandemie of enige virus kan jou beroof van jou drome nie. Dit hang regtig af van wat jy as persoon van 'n slegte situasie maak.

Werk gefokus vanaf die heel eerste dag van die jaar. Gee meer as net jou beste, want jou beste is nie goed genoeg as jy aan jou toekomsdrome dink nie. Bestee jou tyd met die grootste sorg. Jy dink dis 'n cliché, maar ons het dit beleef: Tyd is kosbaar! Pak elke dag aan soos dit kom. Pas aan by alle omstandighede. Onthou, as jy die boom elke dag versorg, sal jy op die ou end beloon word met pragtige, gesonde vrugte. Deurlopende, harde werk word beloon.

En onthou, die onderwysers is aan jou kant. Hulle gee regtig om, hulle het die beste raad. Hulle is altyd bereid om daardie ekstra tree te gee. En nog ekstras daarby. Vra hulp en vra dikwels as dit nodig is.

Elkeen se toekoms is in sy eie hande, maar God bestuur dit. Maak Hom deel van jou daaglikse lewe. As ek, Nephanté Tieties, nog staande kon bly in so 'n 2020-pandemie-matriekjaar, sal jy ook, wat 2021 ookal vir jou inhou.

Sukses in 2021 is vir geen matriekleerder onmoontlik nie.

**Daylen Tobias**  
**Gansbaai Academia**  
**Matriek 2020**



Sukses kan nie altyd in syfers gemeet word nie.

Dis 'n abstrakte term wat ons soms aan die verkeerde ent beet het, tog lê die vraag oor sukses op jou tong: Wat verg dit om sukses te behaal en wat beteken sukses vir jôu?

Vir my gaan sukses oor respek en harde werk. Ons moet ander respekteer en bereid wees om nuwe vaardighede aan te leer. Gedissiplineerdheid en toegewydheid aan jou drome plavei ook die paadjie na sukses in jou matriekloopbaan.

Ek haal aan: "Opvoeding is die magtigste wapen wat ons kan gebruik om die wêreld te verander".

Die klip en die woordeboek is metafories verteenwoordigend: Die klip het geen doel nie (of het dit?) en lê en bak in die warm son. Dit is verteenwoordigend van die mens wat in sy gemaksones is en weier om daaruit te kom. Die woordeboek, daarenteen, bevat woorde wat ons daagliks gebruik en nodig het ... Sonder woorde is ons niks! Die woordeboek help graag wanneer ons 'n woord naslaan. Woorde is immers die voertuig tot sukses!

COVID-19 het ons in Maart 2020 getref en daarmee is die bordjies verhang. Die "nuwe" normaal het ons met vele uitdagings verlam, maar hierdie jaar kan vir jou, klas van 2021, vele voordele inhou. Só baie bronne is beskikbaar vir julle: die e-portaal van die WKOD, Wolkskoollesse, #My Lesse en dan die onuitputlike bron: jou opvoeders.

My wenke vir julle is die volgende: Oefen gereeld – dit verminder stres en aktiveer jou breinselle. Stel vroegetydig 'n studierooster op en moenie eens daaraan dink om laat nagte tydens die eksamen te studeer nie! Lees jou vraestelle goed deur; verstaan wat van jou verlang word en besin eer jy begin. Onderstreep kernwoorde. Moenie haastig wees om die eksamenlokaal te verlaat nie. Onthou, 'n haastige hond verbrand sy mond!

Sukses staar jou in die gesig. Dit is jou keuse om dit met albei hande aan te gryp. Benut geleenthede om te groei. Word jý die verandering wat jy in die wêreld wil sien. Maak seker jy spring uit jou gemaksones.

Moenie die klip wees nie. Wees eerder die woordeboek en deel jou kennis met die wêreld.

# Om 'n beroep te kies ...

## Weet jy ...

- Wat jy graag eendag wil word?
- Watter beroep jy beplan om na te streef?
- Watter vakke jy sal moet neem?
- Waar jy wil studeer?
- Hoe jy vir jou studies sal betaal?

## Is jy in staat om:

- Goeie beplanning vir jou toekoms te doen?
- Ingeligte besluite oor 'n beroep te maak?
- Goeie keuses te maak?

## LAAT DIE WKOD JOU HELP ...

Hierdie boek is vol inligting oor VOO-vakke en moontlike beroepe waarna jy kan streef indien jy hierdie vakke gekies het.

Die vakke wat jy gekies het, kan lei na 'n verskeidenheid beroepsvelde waarbinne jy 'n magdom beroepe sal vind waaruit jy kan kies, onder andere:

**Tale en kommunikasie:** uitgewer, skrywer, interpreteerder, joernalis, vertaler

**Visuele Kunste en Ontwerp:** kunsonderwyser, kunstenaar, advertensie, kloreontwerper, tandtegnikus

**Uitvoerende Kunste:** akteur, komediant, platejoggie, grimeerkunstenaar, televisie-vervaardiger

**Bemarking en verkope:** advertensie, entrepreneur, mode-aankoper, toerisme en reis

**Bestuur en Beplan:** administratiewe amptenaar, geleentheidsbestuurder, projekbestuurder

**Finansiële Bestuur:** rekenmeester, ouditeur, tesourier, kredietkontroleerder, makelaar

**Klerklik en Sekretarieel:** sekretaris, ontvangsdame, datavaslegger, proefleser

**Plante en Diere:** toerleier, landboukundige, bioloog, tuinboukundige, dierkundige

**Sport:** biokinetikus, sportafriqter, fiksheidsfarigter, persoonlike afriqter, skeidsregter

**Ambagte:** landboukundige tegnikus, skrynwerker, kopersmid, slotmaker, sweiser

**Ingenieurswese:** lugverkeerkontroleur, tekenaar, siviele ingenieur, meganiese ingenieur

**Wetenskappe:** biogenetikus, kartograaf, apteker, fisikus, grondwetenskaplike, kerningenieur

**Rekenaars:** besigheidstelsels, stelselanaliseerder, rekenaar hardeware/sagteware ingenieur

**Gesondheidsdienste:** tandarts, dermatoloog, internis, mediese dokter, sielkundige



## Gesondheids-ondersteuningsdienste:

dieetkundige, gesondheidswerker, verpleegster, arbeidsterapeut

**Sosiale Wetenskappe:** ambassadeur, uitgewer, historikus, politieke wetenskaplike, maatskaplike werker

**Wette:** prokureur, advokaat, ondersoeker, buitelandse sake amptenaar, openbare beskermer

**Opvoedkundige en Ondersteuningsdienste:** au pair, beroepsvoorligter, onderwyser, bibliotekaris

**Kreatiewe Dienste:** spysenier, kok, graveur, haarkapper, hotelbestuurder, letterskilder

**Algemene dienste:** lugwaardin, haarkapper, motorbestuurder, skoonmaker, meterleser, huurmotorbestuurder

## Wetstoepassing en beskermingsdienste:

polisieman, soldaat, verkeersbeampte

Vind 'n beroep wat sal pas by die vakke wat jy gekies het. Indien jy onseker is of jou belangstellings en talente tot 'n beroep sal lei, is dit belangrik dat jy die belangstellingsvraelys of self-eksplorasië oefening voltooi wat deel is van die inligting in die PACE beroepsentrum se CD of die PACE Beroepsentrum se gids. Die PACE-inligting is by jou skool beskikbaar. Dit is belangrik dat jy die beroepe navors om antwoorde op al jou vrae te vind.

Die belangstellingsvraelys stel jou in staat om JA/NEE op 105 vrae oor jou belangstellings te antwoord. Dit is vrae oor dinge waarvan jy hou/nie hou nie, jou belangstellings, jou persoonlikheid, ens. Nadat jy die vraelys voltooi het, verskyn 'n profiel van die loopbaanrigtings waarin jy belang sal stel, gebaseer op jou antwoorde. Die loopbaangids bevat 'n lys van 21 loopbaanrigtings, maar daar kan meer wees. Die loopbaanrigtings is gerangskik vanaf dit waarin jy die meeste tot die minste belangstelling toon. Nou kan jy die rigting navors om vas te stel in watter loopbaan jy die meeste belang stel en daarna spesifieke beroepe navors.

Gesels met die Lewensoriëntering-onderwysers by die skool. Hulle is in staat om jou met meer inligting rondom moontlike beroepe te help.



Studiekoste by 'n universiteit of kollege is hoog en baie mense dink dat 'n mens self geld moet hê om dit te kan doen. Maar dis nie die geval nie.

Daar is baie bronne waar hulp verkry kan word. Hierdie hulp kan in die vorm van 'n lening of 'n beurs wees. Beurse is beskikbaar vir spesifieke studieveldde – onderwys, rekeningkunde en aktuariële wetenskap, maatskaplike werk en verskeie skaars vaardighede (bv. IT, ingenieurswese, ens.). Baie beurse vir die Nasionale Sertifikaat- (Beroeps-) kursusse is by VOO-kolleges beskikbaar.

Aangesien daar nie genoeg beurse vir alle studente in Suid-Afrika beskikbaar is nie, kan jy versoek dat 'n lening aan jou toegestaan word. Sodanige lening is terugbetaalbaar as jy eendag begin werk. Baie finansiële instellings (banke) bied studielenings aan waarvan die terugbetalings eers begin wanneer jy begin werk. Baie studente in Suid-Afrika befonds hul studies deur 'n National Student Financial Aid Scheme (NSFAS)-geadministreerde lening. 'n NSFAS-lening benodig nie kredietkontroliering van jou of jou ouers nie. Terugbetaling is maklik en die rentekoers is laag. Daarbenewens sal 'n gedeelte van die lening nie terugbetaalbaar wees as jy goed vaar in jou studies nie. Hul kontakbesonderhede is tel 021-7633232, e-pos [info@nsfas.org.za](mailto:info@nsfas.org.za); webadres [www.nsfas.org.za](http://www.nsfas.org.za)

Wenke wanneer jy om 'n beurs aansoek doen:

- Die sluitingsdatum vir die aansoek om 'n beurs of lening is baie belangrik. Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal nie oorweeg word nie.
- Doen aansoek om 'n beurs wanneer jy in graad 12 is sodat jy vir die volgende akademiese jaar aan 'n tersiêre instelling befonds kan word en **nie nadat jy matriek geslaag het** nie.
- As jy aansoek doen om 'n beurs beteken dit nie jy sal die beurs ontvang nie. Doen dus aansoek by soveel maatskappe as moontlik om jou kans om 'n beurs te ontvang te verbeter.
- Indien jy 'n beurs ontvang, **bied dit nie** outomaties ook toegang tot 'n tersiêre instelling nie; jy moet nog steeds aansoek doen om toelating tot 'n tersiêre instelling.
- Nadat jy jou graad 12-uitslae ontvang het, moet jy 'n gewaarmerkte afskrif aan die beursmaatskappy stuur. Dit sal verseker dat jy 'n Beurs Bevestigingsbrief ontvang wat jy dan gebruik om by die instelling wat **deur die maatskappy** goedgekeur is, te registreer.
- Die maatskappy wat die beurs aan jou bied, belê in jou; daar kan dus van jou verwag word om 'n sekere tydperk vir hulle te werk nadat jy jou studies voltooi het. As jy egter jou tersiêre studies druij, kan jy die beurs verbeur.



Hier is die name van sommige befondersers wat jy kan gebruik:

1. **Onderwys:** Funza Lushaka Bursary Programme; Strubenstraat 222, Pretoria 0001 / Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD)  
<http://www.funzalushaka.doe.gov.za/>
2. **Besigheidswetenskap en Handel, Onderwys, Ingenieurswese, VOO Kollege:** Access Fund: (021) 671 1521, (021) 674 0141; <http://accesstrust.org.za/>
3. **Verskeie:** EDU-LOAN. Tel 0860555544; [info@eduloan.co.za](mailto:info@eduloan.co.za); [www.eduloan.co.za](http://www.eduloan.co.za)
4. **Rekeningkunde:** Old Mutual Accountancy Bursary, Posbus 66 Kaapstad 8000, [www.oldmutual.co.za](http://www.oldmutual.co.za); MTN Accounting Bursary, p/a Career Wise (PTY) Ltd, Posbus 30632, Braamfontein 2017, [www.careerwise.co.za](http://www.careerwise.co.za)
5. **Landbou:** Nasionale Tesourie, Privaatsak X115, Pretoria 0001; Stellenbosch Universiteit, Fakulteit AgriWetenskappe, Privaatsak X1, 7602 Matieland, Stellenbosch, Tel (021) 808 9111
6. **Aktuariële Wetenskap:** Old Mutual Actuarial Bursary, Posbus 66 Kaapstad 8000; [www.oldmutual.co.za](http://www.oldmutual.co.za); Metropolitan Actuarial Bursary, Posbus 2212, Bellville 7535
7. **Besigheidswetenskap en Handel:** Suid-Afrikaanse Brouerye, [www.sabcareers.co.za](http://www.sabcareers.co.za); Sasol Limited, Posbus 5486, Johannesburg 2000
8. **Ingenieurswese:** Anglo Platinum Bursary Scheme, Posbus 451, Kroondal 0350; De Beers Ltd, Posbus 30632, Braamfontein 2017, [www.careerwise.co.za](http://www.careerwise.co.za)
9. **Maatskaplike werk:** Oppenheimer Memorial Trust (Vodacom), Posbus 30632, Braamfontein 2017; SA Institute of Race Relations (SAIRN). Posbus 32597, Braamfontein 2017
10. **Verpleging:** Solly Ginwala Memorial Trust, Posbus 4138, Durban 4000

## Eksterne beurse

Beurs vir voltydse studie aan goedgekeurde tersiêre nrigtings word tans aangebied aan persone wat in die groter Kaapse Metropolitaanse area woon wat in 2021 vir 'n voorgraadse of nagraadse graad of diploma in een van die volgende studieterreine gaan registreer:

- Argitektuur
- Atmosferiese wetenskap (MSc/PhD)
- BComm (verkrygingslogistiek)
- Besigheidsanalise
- Bou-ontwikkeling
- Bou- en konstruksieontwikkeling
- Chemie (MSc/PhD)
- Siviele ingenieurswese (MSc)
- Siviele ingenieurswese (Behuisingsprojekbestuur)
- Siviele ingenieurswese (spesialisering in hawe- en kusingenieurswese)
- Stads-, dorp- en streeksbeplanning
- Bewaring van die beboude omgewing/erfenisstudies en -bestuur (nagraads)
- Bewaringsekologie/ biodiversiteit en bewaring (MSc/PhD)
- Ekotoksikologie (MSc/PhD)
- Elektriese ingenieurswese – swaarstroom (BSc)
- Energiebestuur (nagraads)
- Regte/ etiek/risiko/audit/IT (Forensies)
- Geografiese Inlgtinstelsels (MSc/PhD)
- Geomatika (BSc)
- Industriële ingenieurswese
- Landskapsargitektuur
- Biblioteek- en inlgtingswetenskap
- Materiale en padoppervlakingenieurswese
- Meganiese ingenieurswese (MSc)
- Molekulêre biologie/ virologie (MSc/PhD)
- Verpleging
- Arbeidsgesondheid- en veiligheidsbestuur (BTech)
- Aptekerswese
- Projekbestuur (nagraads)
- Eiendomstudies (nagraads)
- Beleggings
- Landmeting (BTech)
- Statistiek
- Stad- en streeksbeplanning
- Vervoerlogistiek
- Vervoerstudies
- Verkeersingenieurswese
- Watergebruik/ waterbehandeling (MSc/PhD)

Beurse sal registrasie-, eksamen- en klagselde dek.

**Navrae:** Stad Kaapstad Werkverskaffingsdiens lessenaar: 0860 103 089 (Opsie 6),  
021 400 1404 / 2044 / 3619 / 3899

## Inlgtinstegnologie Besigheidsleerlingskapsprogram (ITBLP)

Toonaangewende maatskappye in die Inlgtings- en Kommunikasietegnologie (IKT) en ander banksektore, in samewerking met die Belgiese kampus, bied 'n hoë-standaard IKT-kwalifikasie vir talentvolle Suid-Afrikaanse jongmense aan.

Die ITBLP-kwalifikasie en verwante leerprogramme is belyn met die behoefte aan IKT-vaardighede wat in die IKT- en bankindustrieë bestaan.

### Hoe om aansoek te doen:

E-pos jou CV aan Allistine: Allistine.ragebult@fnb.co.za

## Wes-Kaapse Regering (Provinsiale Tesourie Beurs)

Die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie nooi matrikulante, voorgraadse en nagraadse studente wat belangstel om loopbane in Ekonomie, Fiskale en Openbare Beleid, Batebestuur (Voorsieningsketteringbestuur, Fisiese Batebestuur), Rekeningkunde, Openbare Finansies (Uitgawes- en inkomste-analise en Bestuur) of Korporatiewe Beheer (Risikobestuur, Korporatiewe Finansies, Besigheids- en Publieke Administrasie) te volg uit om vir voltydse beurse aansoek te doen.

<http://www.gostudy.net/bursary/western-cape-government-provincial-treasury-bursary>



higher education  
& training  
Department:  
Higher Education and Training  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

CAREER DEVELOPMENT SERVICES

khetha  
Make the right choice. Decide your future.

# Senior Kurrikulumbeplanners

## SENIOR KURRIKULUMBEPLANNERS HOOFKANTOOR – KAAPSTAD

Name	Subject	Tel. Number	E-Mail Address
Mr Don Haripersad	Direkteur: Kurrikulum VOO	021 467 2623	Don.Haripersad@westerncape.gov.za
Dr Glynis Schreuder	CES: VOO Skole	021 467 2630	Glynis.Schreuder@westerncape.gov.za
Dr Joseph Bronkhorst	CES: MST	021 467 2564	Joseph.Bronkhorst@westerncape.gov.za
Mr Neil Simons	CES: Tegnieuse vakke	021 467 2576	Neil.Simons@westerncape.gov.za
Mrs. B. Kulata	Personal Assistant to Director	021 467 2622	Babalwa.Kulata@westerncape.gov.za
Vakant	Senior Admin Klerk		

Name	Subject	Tel. Number	E-Mail Address
Mr Chris Banda	Afrikaans	021 467 2632	Christopher.Banda@westerncape.gov.za
Mr Marius Marx	Wiskundige Geletterdheid	021 467 2636	Marius.Marx@westerncape.gov.za;
Ms Nosisa Beyile	IsiXhosa	021 467 2590	Nosisa.Beyile@westerncape.gov.za
Ms Ina Bruce	Dramatiese Kunste/Dansstudies	021 467 2069	Ina.Bruce@westerncape.gov.za
Mr Marius Diergaardt	Fisiese Wetenskappe	021-467 2581	Marius.Diergaardt@westerncape.gov.za
Ms Razzia Ebrahim	Wiskunde	021 467 2617	Razzia.Ebrahim@westerncape.gov.za
Ms Janice Conradie	Rekeningkunde	021 815 8459	Janice.Conradie@westerncape.gov.za
Mr Ian Carstens	Rekenaartoepassingstegnologie	021 467 2549	Ian.Carstens@westerncape.gov.za
Mr Jean Goliath	Lewenswetenskappe / Landbouwetenskappe	021 467 2559	Jean.Goliath@westerncape.gov.za
Ms Fazeela Haffejee	Engels	021 467 2868	Fazeela.Haffejee@westerncape.gov.za
Mr Rodney Johnson	Toerisme	021 467 2173	Rodney.Johnson@westerncape.gov.za
Mr Ivan Fortuine	Lewensoriëntering & Religiestudies	021 467 2589	Ivan.Fortuine@westerncape.gov.za
Ms Ellene Louw	Visuele Kunste/Ontwerp	021 467 2556	Ellene.Louw@westerncape.gov.za;
Ms Maggie Mbatane	Verbruikers- en Gasvryheidstudies	021 467 2636	Maggie.Mbatane@westerncape.gov.za;
Ms Mathapelo Matsabisa	Sesotho en Setswana	021 467 9366	Mathapelo.Matsabisa@westerncape.gov.za
Mr Leicester Momberg	Besigheidstudies	021 467 2436	Leicester.Momberg@westerncape.gov.za;
Mr Glenn Samaai	Geografie	021 467 2200	Glenn.Samaai@westerncape.gov.za
Mr Andre Jonkers	Ekonomie	021 467 2563	Andre.Jonkers@westerncape.gov.za
Mr Keith Tabisher	Musiek	021 467 2242	Keith.Tabisher@westerncape.gov.za
Ms Bridget Tobin	Geskiedenis	021 467 2251	Bridget.Tobin@westerncape.gov.za
Mr Nathan Joseph	Meganiese en Elektriese Tegnologie	021 467 2554	Nathan.Joseph@westerncape.gov.za
Mr John Ellis	Siviele Tegnologie Ingenieursgrafika en -Ontwerp	021 467 9359	John.Ellis@westerncape.gov.za

# AFRIKAANS HUISTAAL

Beste Graad 12-leerder

In Afrikaans Huistaal leer jy hoe taal in werklikheidsgetroue situasies gebruik word. Die klem val op die gevorderde gebruik van die vaardighede luister en praat, lees en kyk, skryf en aanbied asook op taalstrukture.

## Vakvereistes

Jy het die volgende nodig vir die vak:

- ☞ 'n Goedgekeurde taalhandboek
- ☞ Voorgeskrewe boeke (Roman, Drama en Digkuns)
- ☞ Skryfboeke vir Skryfwerk, Taal en Voorgeskrewe
- ☞ 'n Woordeboek
- ☞ 'n Versameling koerante en tydskrifte

## Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n kontrolelys wat jy moet gebruik om te verseker dat jy al die Graad 12-inhoud gedek het

## Leesbegrip & Opsomming

- ☞ Interpretasie van visuele tekste
- ☞ Leesbegripstrategieë
- ☞ Kritiese taalbewustheid
- ☞ Doel en formaat van opsommings

## Taalstrukture en -konvensies Oorredingstegnieke

Gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel, diskriminasie, stereotipering, taalvariëteite, afleidings, aannames, argumente, doel met die insluiting of uitsluiting van inligting

## Woordeskatontwikkeling en taalgebruik

- ☞ Betekenisleer en figuurlike taal
- ☞ Taalverskynsels
- ☞ Klankleer en spelling
- ☞ Woordvorming
- ☞ Skryf- en leestekens
- ☞ Denotasie, konnotasie

## Sinstrukture en die ontleding van sinne

- ☞ Woordsoorte
- ☞ Verbindingswoorde
- ☞ Enkelvoudige, saamgestelde en veelvoudige sinne
- ☞ Direkte en indirekte rede
- ☞ Lydende en bedrywende vorm (aktief en passief)
- ☞ Ontkenning, Tye en Sinswyse
- ☞ Feit en mening, direkte en geïmpliseerde betekenis
- ☞ Agtergrond van tekste en outeur

## Letterkunde

Jy moet kontekstuele sowel as opsteltipe vrae beantwoord. Jy sal die volgende genres bestudeer en daarvoor geëksamineer word:

## Digkuns (12 gedigte)

- ☞ Letterlike en figuurlike betekenis
- ☞ Verstegniese middele: uitkenning en funksies
- ☞ Uiterlike en innerlike bou; soort gedig
- ☞ Rym: rymskema en die funksies daarvan
- ☞ Titel, tema, beeldspraak, stylfigure en klankeffekte

## Roman

- ☞ Die inhoud van die boek
- ☞ Karakter, karakterontwikkeling en karakterisering
- ☞ Intrige en subintrige (spanningslyn)
- ☞ Innerlike en uiterlike konflik
- ☞ Temas en boodskappe

- ☞ Ironiese wending / afloop
- ☞ Rol van die verteller /perspektief
- ☞ Agtergrond en milieu
- ☞ Tydsverloop (chronologies, terugflitse, tydspronge)

## Drama

Al die aspekte by die Roman, asook:

- ☞ Struktuur van die drama
- ☞ Dramatiese ironie en dramatiese rol
- ☞ Toon, stemming en toneelaanwysings (neweteks)
- ☞ Dialoog / monoloog/ alleenspraak en handeling

## Skryfwerk

- ☞ **Opstelle:** Verhalend, Beskrywend, Verklarend, Argumenterend, Bespiegeland, Beredenerend
- ☞ **Langer transaksionele tekste:** Vriendskaplike brief/ formele brief (versoek/ klagte / aansoek / bedanking / gelukwensing / simpatie/sakebrief) formele of informele briewe aan die pers / Curriculum Vitae en dekbrief (as 'n kombinasie) / e-pos / formele of informele verslag / resensie / koerantberig / tydskrifartikel/ agenda en notule (as 'n kombinasie)/ formele of informele toespraak / dialoog / geskrewe onderhoud / huldeblyk

## Assessering

**Skoolgebaseerde Assessering bestaan uit:**

- ☞ 1 toets: **35 punte**
  - ☞ Halfjaareksamen: **150 punte**
- OF**
- ☞ Halfjaartoets: **55 punte**
  - ☞ Voorbereidende eksamen: **250 punte**
  - ☞ 2 skyftake (opstel en lang transaksionele teks): **75 punte**
  - ☞ 1 Letterkundetaak: **35 punte**
  - ☞ **Totaal: 545 ÷ 5,45 / 450 ÷ 4,50** **100 punte**

Die **eksterne eksamen** bestaan uit 4 vraestelle:

- ☞ **Vraestel 1:** Begrip, Opsomming en Taalstrukture en -konvensies: **70 punte**
- ☞ **Vraestel 2:** Letterkunde (Digkuns, Roman en Drama): **80 punte**
- ☞ **Vraestel 3:** Skryf (Opstelle en twee langer transaksionele skryfstukke): **100 punte**
- ☞ **Vraestel 4:** Mondeling **50 punte**
- ☞ **Totaal** **300 punte**

## Wenke vir sukses

- ☞ Lees gereeld boeke, artikels, resensies, spotprente en rubrieke in koerante en tydskrifte.
- ☞ Lees elke dag ten minste 1000 woorde en skryf ten minste 350 woorde in Afrikaans.



**DBO Selfstudiegids:**  
**Kritiese Taalbewustheid**

<https://wcedportal.co.za/eresource/172656>

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Beste Graad 12-leerder

In hierdie vak leer jy hoe Afrikaans gebruik word. Die klem val op die vaardighede luister en praat, lees en kyk, skryf en aanbied asook op grammatika.

## Vakvereistes

Jy het die volgende nodig vir die vak:

- ➔ 'n Taalhandboek
- ➔ Voorgeskrewe boeke (enige twee genres: Roman/ Drama/ Kortverhale/ Gedigte)
- ➔ Skryfboeke vir Skryfwerk, Taal en Voorgeskrewe
- ➔ 'n Tweetalige woordeboek

## Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n kontrolelys wat jy moet gebruik om te verseker dat jy al die Graad 12-inhoud gedek het.

## Leesbegrip en Opsomming

- ➔ Interpretasie van visuele tekste
- ➔ Leesbegripstrategieë
- ➔ Kritiese taalbewustheid
- ➔ Onderskei tussen hoof- en ondersteunende idees

## Taal in konteks

### Oorredingstegnieke

- ➔ Gevoelstaal, oorredende taal, partydigheid, manipulerende taal
- ➔ Hoe taal en beelde waardes en houdings reflekteer/ oordra / weergee en vorm
- ➔ Beelde en taal wat seksisties, partydig, ouderdomdiskriminerend is en stereotipes versterk
- ➔ Die impak en gebruik van lettertipes en lettergroottes

## Woordeskatontwikkeling en taalgebruik

- ➔ Figuurlike taal en retoriese middels
- ➔ Denotasie en konnotasie
- ➔ Voorvoegsels en agtervoegsels
- ➔ Idiomatiese uitdrukkings, idiome en spreekwoorde
- ➔ Hoe dialekte, sleng en leenwoorde teksbetekenis beïnvloed
- ➔ Homofone, homonieme, sinonieme en antonieme
- ➔ Een woord vir 'n omskrywing.
- ➔ Afkortings, verkortings en akronieme

## Sinstrukture en die ontleding van sinne

- ➔ Lydende vorm en ontkennde vorm
- ➔ Direkte en Indirekte rede
- ➔ Ontkenning
- ➔ Woordorde
- ➔ Sinsoorte en Woordsoorte
- ➔ Verbindingswoorde

## Letterkunde

Jy moet kontekstuele vrae beantwoord. Jy sal twee van die volgende genres bestudeer en daarvoor geëksamineer word:

### Poësie (10 gedigte)

- ➔ Woordbetekenisse
- ➔ Verstegniese middele: uitkenning en funksies
- ➔ Uiterlike en innerlike bou van gedigte; soort gedig
- ➔ Versreël- en strofobou
- ➔ Rym, halfrym en herhaling
- ➔ Titel, tema en boodskap
- ➔ Beeldspraak en stylfigure

### Roman / Kortverhale (8 verhale)

- ➔ Die inhoud van die boek/verhaal
- ➔ Intrige en subintrige
- ➔ Karakterisering
- ➔ Konflik, verteller, ruimte en tyd
- ➔ Ironie, tema en boodskap

## Drama

Al die aspekte by die Roman en Kortverhale asook:

- ➔ Dramatiese ironie
- ➔ Verhoog- en toneelaanwysings
- ➔ Handeling, tyd en dialoog
- ➔ Die struktuur van die drama

## Skryfwerk

- ➔ **Opstelle:** Verhalend, Beskrywend, Verklarend, Argumenterend, Bespiegelend, Beredenerend
- ➔ **Langer transaksionele tekste:** Vriendskaplike briewe/ Formele briewe (versoek/ aansoek/ sakebrief/ klagte/ simpatie/ gelukwensing/ bedanking)/ Curriculum Vitae en dekbrief (as 'n kombinasie)/ Formele en informele briewe aan die pers/ e-pos/ Resensies/ Koerantberig/ Tydskrifartikel/ Agendas en notules (as 'n kombinasie)/ Formele en informele verslae/ Huldeblyke/ Dialoog/ Geskrewe onderhoude/ Geskrewe formele of informele toesprake
- ➔ **Korter tekste:** Advertensie / Uitnodigingskaartjie/ Plakkaat / Strooibiljet Dagboekinskrywing / Kort teksboodskappe (SMS), naamlik: WhatsApp, Facebook Messenger, ens. ) / Instruksies / Aanwysings

## Assessering

**Skoolgebaseerde Assessering bestaan uit:**

- ➔ 1 toets: **40 punte**
- ➔ 2 eksamens (of 1 eksamen + 1 toets) (halfjaar /toets en Voorbereidend / toets): **250 punte**
- ➔ 3 skyftake (opstel, lang en kort transaksionele tekste): **100 punte**
- ➔ 1 Letterkundetaak: **35 punte**
- ➔ **Totaal: 675 ÷ 6,75** **100 punte**

Die eksterne eksamen bestaan uit 4 vraestelle:

- ➔ **Vraestel 1:** Begrip, Opsomming en Taal: **80 punte**
- ➔ **Vraestel 2:** Literatuur (enige twee uit: Digkuns, Roman, Drama en Kortverhale): **70 punte**
- ➔ **Vraestel 3:** Skryf (Opstelle, Lang en Kort transaksionele tekste): **100 punte**
- ➔ **Vraestel 4:** Mondeling **50 punte**
- ➔ **Totaal** **300 punte**

## Wenke vir sukses

- ➔ Lees gereeld boeke, berigte, artikels en spotprente in Afrikaanse koerante en tydskrifte.
- ➔ Lees elke dag ten minste 800 woorde en skryf ten minste 300 woorde in Afrikaans.



**DBO Selfstudiegids:  
Kritiese Taalbewustheid**

[https://wcedportal.co.za/  
eresource/172656](https://wcedportal.co.za/eresource/172656)

# AFRIKAANS TWEDE ADDISIONELE TAAL

Beste Graad 12-leerder

In hierdie vak leer jy hoe Afrikaans gebruik word. Die klem val op die vaardighede luister en praat, lees en kyk asook skryf en aanbied. Jy gaan ook nuwe Afrikaanse woorde leer en leer hoe sinne in Afrikaans gevorm word.

## Vakvereistes

Jy het die volgende nodig vir die vak:

- ➔ 'n Goedgekeurde taalhandboek
- ➔ 'n Voorgeskrewe werk (kortverhale of poësie of 'n novelle of 'n eenbedryf)
- ➔ Skryfboeke vir Skryfwerk, Taal en Voorgeskrewe
- ➔ 'n Tweetalige woordeboek
- ➔ Leesstof (koerante, tydskrifte, ens.)

## Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n kontrolelys wat jy moet gebruik om te verseker dat jy al die Graad 12-inhoud gedek het.

## Leesbegrip en Opsomming

- ➔ Inhoud van die teks
- ➔ Woordbetekenis
- ➔ Leesstrategieë: soeklees, vluglees en herlees
- ➔ Hoofidees en tema

## Taal in konteks

### • Woordeskat en taalgebruik

- ➔ Figuurlike taal en retoriese middels
- ➔ Denotasie en konnotasie
- ➔ Voorvoegsels en agtervoegsels
- ➔ Idiomatiese uitdrukkings, idiome en spreekwoorde
- ➔ Homofone, homonieme, sinonieme en antonieme
- ➔ Een woord vir 'n omskrywing.
- ➔ Afkortings, verkortings en akronieme

### • Sinstrukture

- ➔ Lydende vorm en ontkennende vorm
- ➔ Direkte en Indirekte rede
- ➔ Woordorde
- ➔ Sinsoorte
- ➔ Verbindingswoorde
- ➔ Woordsoorte

### • Kritiese taalbewustheid

- ➔ Gevoelstaal, oorredende taal, partydigheid, manipulerende taal
- ➔ Hoe taal en beelde waardes en houdings reflekteer/ oordra /weergee en vorm
- ➔ Beelde en taal wat seksisties, partydig, ouderdomdiskriminerend is en stereotipes versterk
- ➔ Die impak en gebruik van lettertipes en lettergroottes
- ➔ Ontleding, interpretasie, evaluering en respons op die spotprent of strokiesprent
- ➔ Denotasie en konnotasie

## Letterkunde (kortverhale, novelle of drama)

Afhangende van die voorgeskrewe werk wat julle bestudeer, sal die fokus op die volgende val:

- ➔ Intrige, tema, boodskap, karakterisering en agtergrond
- ➔ Die kenmerke van kortverhale/die novelle / die drama
- ➔ Hoe die keuse en gebruik van woorde die boodskap / tema in gedigte ondersteun

- ➔ Hoe karakters, agtergrond en die gebruik van woorde die boodskap en tema ondersteun
- ➔ Beeldspraak en stylfigure

## Opstelle

- ➔ Verhalende opstel en die Beskrywende opstel
- ➔ **Langer Transaksionele Tekste:** Vriendskaplike brief / formele brief (versoek / klagte / aansoek / bedanking / gelukwensing / simpatie) kort verslag / resensie/ toespraak / dialoog
- ➔ **Korter Tekste:** Advertensie / dagboekinskrywings / plakkaat / uitnodigingskaartjie / instruksies / aanwysings / strooibiljet / Kort teksboodskap (SMS), naamlik: WhatsApp, Facebook Messenger, ens.

## Assessering

**Skoolgebaseerde Assessering bestaan uit:**

- |                                       |                  |
|---------------------------------------|------------------|
| ➔ 1 toetse (Letterkunde):             | <b>40 punte</b>  |
| ➔ 2 eksamens (of 1 eksamen + 1 toets) |                  |
| ➔ Halfjaareksamen:                    | <b>120 punte</b> |
|                                       | <b>OF</b>        |
| ➔ Halfjaartoets                       | <b>40 punte</b>  |
| ➔ Voorbereidend                       | <b>200 punte</b> |
| ➔ 1 Skryftaak (opstel):               | <b>40 punte</b>  |
| ➔ <b>Totaal: 400 ÷ 4 / 320 ÷ 3.2</b>  | <b>100 punte</b> |

Die **jaareindeksamen** bestaan uit 3 vraestelle:

- |  |                  |
|--|------------------|
| ➔ <b>Vraestel 1:</b> Begrip, Opsomming, Taal:                              | <b>120 punte</b> |
| ➔ <b>Vraestel 2:</b> Letterkunde:  | <b>40 punte</b>  |
| ➔ <b>Vraestel 3:</b> Skryf (Opstelle, Lang en Kort transaksionele tekste): | <b>80 punte</b>  |
| ➔ <b>Vraestel 4:</b> Mondeling   | <b>100 punte</b> |
| ➔ <b>Totaal punte</b>  | <b>300 punte</b> |

## Wenke vir sukses

- ➔ Lees gereeld berigte, artikels, resensies, spotprente en rubrieke in Afrikaanse koerante en tydskrifte.
- ➔ Lees elke dag ten minste 500 woorde en skryf ten minste 250 woorde in Afrikaans.



**DBO Selfstudiegids:  
Kritiese Taalbewustheid**

[https://wcedportal.co.za/  
eresource/172656](https://wcedportal.co.za/eresource/172656)

Beste Graad 12 Besigheidstudies-leerder

Baie geluk dat jy Graad 12 behaal het. Ter voorbereiding vir die Finale NSS-eksamen is dit belangrik dat jy van elke geleentheid gebruik maak om die kennis en vaardighede waaraan jy vanjaar blootgestel gaan word, te verstaan en toe te pas. Gebruik asseblief die kontrolelys hieronder om te verseker dat jy al die inhoud gedek het waaroor jy in die Finale NSS-eksamen geassesseer sal word. Sterkte met jou studies!

## INHOUD: KONTROLE LYS

### KWARTAAL 1

#### 1. Makro-omgewing

- Impak van onlangse wetgewing op besighede: Wet op Vaardigheidsontwikkeling; Wet op Arbeidsverhoudinge; Wet op Gelyke Indiensneming; Wet op Basiese Diensvoorwaardes; Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings & Siektes; BBSEB-wet; Nasionale Krediet wet; Wet op Verbruikersbeskerming.

#### 2. Menslike Hulpbronne funksie

- Menslike Hulpbronne Aktiwiteite: Werwing; Seleksie; Induksie; Plasing; Salarisbepalings en Werknemer voordele. Implikasies van WAV; WVO; WGI en WVBBS vir die menslike hulpbronnefunksie.

#### 3. Etiek en Professionalisme

- King kode beginsels: Hoe professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe besighedspraktik uitgevoer moet word; Onetiese sakepraktyke: Onbillike advertensie tegnieke, prysbepaling van goedere in landelike gebiede, belasting / belastingontduiking; Onprofessionele sakepraktyke: Seksuele teistering, Ongemagtigde gebruik van werkplekfondse en hulpbronne, Misbruik van werktijd; Kwessies wat etiese en professionele gedrag kan uitdaag.

#### 4. Kreatiewe Denke & Probleemoplossing

- Kreatiewe denke en probleemoplossingstegnieke. Probleemoplossingstappe.

#### 5. Ontwikkeling van Strategieë

- Strategiese bestuursproses; Tipe besigheidstrategieë: integrasie, intensief, diversifikasie, defensief; Industriële analise-instrumente: SWOT-analise; PESTLE-analise & Porter's Vyf Kragte; Strategie-evaluering

### KWARTAAL 2

#### 6. Sakesektore en hul omgewings

- **Besigheidsektore:** Primêr, Sekondêr, Tersiêr.  
**Besighedsomgewings:** Mikro, Mark, Makro; Omvang van beheer

#### 7. Kwaliteit/Gehalte van prestasie

- Kwaliteit konsepte; Voordele van 'n bestuurstelsel van goeie gehalte; Kwaliteit aanwysers; TGB-elemente; Rol van kwaliteit sirkels; Maniere hoe TGB die koste van kwaliteit kan verlaag; Impak van TGB indien dit swak deur besighede geïmplementeer word.

#### 8. Bestuur en Leierskap

- Leierskapstyle; Teorieë oor leierskap & bestuur. Rol van persoonlike houding in suksesvolle leierskap.

#### 9. Belegging: Sekuriteite

- Funksies van die JSE/JEB. Faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word. Tipes beleggings geleenthede en hul risiko faktore; Vorme van beleggings; Tipes aandele; Bereken van eenvoudige en saamgestelde rente.

#### 10. Belegging: Versekering

- Versekering vs Assuransie; Verpligte- en Nie-verpligte versekering; Versekeringskonsepte; Beginsels van versekering; Belangrikheid van versekering; Berekening van onderversekering.

#### 11. Spanprestasie - Konflikbestuur

- Kriteria vir suksesvolle spanne; Kenmerke van suksesvolle spanprestasie. Stadia van span ontwikkeling. Spandinamika; Oorsake van konflik; Hantering van griewe en moeilike mense en moeilike persoonlikhede.

### KWARTAAL 3

#### 12. Menseregte, Inklusiwiteit en Omgewingskwessies

- Menseregte; Ekonomiese-, Sosiale- en Kulturele regte; Diversiteit in die besigheid; Omgewingsbeskerming en menslike gesondheid.

#### 13. Sosiale verantwoordelikheid en korporatiewe burgerskap

- Sosiale verantwoordelikheid; Korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV) en Korporatiewe maatskaplike investering (KMI)

#### 14. Aanbieding en datarespons

- Verbale en nie-verbale aanbiedings; Faktore wat oorweeg moet word Voor, Tydens en Na 'n aanbieding; Hanteer terugvoer op 'n nie-aggressiewe en professionele wyse; Gebiede van verbetering. Data respons: aspekte wat in ag geneem moet word by die ontwerp van multi-media aanbieding; Impak van visuele hulpmiddels.

#### 15. Ondernemingsvorme

- Eienskappe; Impak van ondernemingsvorme; Vergelyking van verskillende ondernemingsvorme; Fokus op die volgende kriteria: Belasting; Bestuur; Kapitaal; Verdeling van winste; Wetgewing.

### Assessering

#### 1. Skoolgebaseerde assessering: (25%) 100 punte

- **Kwartaal 1:** Gevallestudie en Kontroletoeits
- **Kwartaal 2:** Aanbieding en Kontrol Toets of Junie Eksamen [TBC]
- **Kwartaal 3:** Projek, & Proefeksamen

#### 2. Final NSS Eksamen: 75%

300 punte

- **Vraestel 1:** 150 punte, 2 Uur
- **Vraestel 2:** 150 punte, 2 Uur

#### Vraestel 1: Besighedsomgewings en Besighedsbedrywighede

- **Afdeling A:** Verpligtend - Punte: 30
- **Afdeling B:** Beantwoord Twee van die Drie Vrae - 80 **Afdeling C:** Beantwoord Een van die Twee Vrae - 40

#### Vraestel 2: Besighedsgeleenthede en Besighedsrolle

- **Afdeling A:** Verpligtend - Punte: 30
- **Afdeling B:** Beantwoord Twee van die Drie Vrae - 80 **Afdeling C:** Beantwoord Een van die Twee Vrae - 40

#### Wenke vir sukses

- Besoek die Besigheidstudies webwerf op die WKOD E-Portaal vir addisionele hulpbronne.



Om toegang tot die Gr 12 DBO Besigheidstudies Leerderboek te verkry, skandeer asseblief die QR Kode hieronder:

<https://wcedportal.co.za/eresource/223046>



Om toegang te verkry tot 'n Gr 12 Telematiese video oor die Menslike Hulpbronne Funksie skandeer asseblief die QR Kode hieronder:

<https://youtu.be/LfN4EIIQfoE>

# DANSSTUDIES

Hierdie vak verg tyd, geduld, toewyding en disipline. Of jy nou voorberei vir 'n loopbaan in dans en of jy die vaardighede en kennis wil gebruik om fiks te word, vir ontspanning of vir vermaak - jou toewyding en wat jy in hierdie vak geleer het, sal blywende resultate lewer in enige loopbaan wat jy volg.

## Benodighede:

- ➔ Toepaslike dansdrag wat daagliks skool toe gebring moet word
- ➔ Danshandboek, studiegids, DVD's, video's en selfstudielesse
- ➔ Werkboek / taakboek en PAT-joernaal

Dek en leer die volgende:

## ONDERWERP 1: DANSOPVOERING

### Praktiese Opvoering / Tegnieklas en Geïntegreerde Teorie: (3 uur per week)

- ➔ 'n Tegnie Solo
- ➔ 'n Opvoerings Solo
- ➔ Ongesiene improvisasie
- ➔ Geïntegreerde teorie wat die volgende insluit:
  - V1: Beserings (15 punte)
  - V2: Komponente van Fiksheid (20 punte)
  - V3: Algemene Gesondheidsorg (10 punte)
  - V4: Dansopvoering (15 punte)

## ONDERWERP 2: Danskomposisie Improvisasie en Choreografie en Geïntegreerde Teorie: (1 uur per week plus repetisie na skool)

- ➔ Kwartaal 1 - PAT-proses vir 60 punte. Die begin van jou Choreografie en Joernaal
- ➔ Kwartaal 2 - PAT-produk vir 40 punte. Die finale Danswerk en Joernaal
- ➔ Ongesiene improvisasie
- ➔ Geïntegreerde teorie om die volgende in te sluit:
  - ➔ V5: Improvisasie en Komposisie (25 punte)

## ONDERWERP 3: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID: (1 uur per week)

- ➔ Teorie sluit in:
  - V6: Dansgeletterdheid (25 punte)
  - V7: Een voorgeskrewe Suid-Afrikaanse of Internasionale Danswerk (25 punte)
  - V8: Een voorgeskrewe Suid-Afrikaanse of Internasionale Choreograaf (15 punte)

## SKRIFTELIKE EKSAMEN VOORBEREIDING 'n Instrument om jou te help om die vraestel baie goed te beantwoord

Vra jou onderwyser om jou te help om elke vlak van Bloom se Taxonomy te verstaan en te gebruik sodat jou vaardighede, kennis en tegnieke vir die skriftelike eksamen kan verbeter. Wanneer jy die skriftelike eksamen beantwoord, is dit nie genoeg om net die inhoud te ken nie, jy moet kan wys hoe jy die inhoud op elke vlak van die Blooms-taksonomie toepas. Jou kwaliteit van denke is wat jou punte sal bepaal.

Meta Thinking	Procedural Thinking	Conceptual Thinking	Factual Thinking
<b>CREATING</b>	Synthesise ideas from different sources or materials to create new perspectives or a new original product	90%-100%	Create, Design, Develop, Find out, Formulate, Make up, Hypothesize, Plan, Formulate, Produce
<b>EVALUATING</b>	Judging the value of research or content, based on criteria or standards, comparing ideas and identifying the strengths and weaknesses of scholarly work	80%-90%	Judge, Value, Defend, Compare the value of
<b>ANALYSING</b>	Examining the research on theories, linking evidence, and seeing relationships between parts or something	60%-79%	Compare, Differentiate, Select, Point out, Categorise, Classify
<b>APPLYING</b>	Using ideas in new ways and applying theories to real situation	40%-59%	Select, Sketch Solve, Use, Demonstrate, Organise
<b>UNDERSTANDING</b>	Describing what knowledge means, finding the main ideas, summarising or explaining new ideas and their trends and significance	30%-39%	Summarise, Explain, Illustrate, Give examples
<b>MEMORISING</b>	Remembering the concepts, content, knowledge, skills, values, attitudes, techniques, characteristics and principles in your subject	0%-29%	List, Name, Remember, Identify

## PRAKTIESE OPVOERINGSEKAMEN VOORBEREIDING

'n Instrument om jou te help om jou beste praktiese en tegniese opvoering te gee

Meta Thinking	Procedural Thinking	Conceptual Thinking	Factual Thinking
<b>NATURALISING</b>	A high level of creative and innovative performance is achieved with actions becoming integrated and second nature	Flawless, No errors, Create, Invent	A++ 95%-100% A+ 90% - 95% A 80% - 90%
<b>ARTICULATING</b>	Actions are performed in a harmonious and coordinated manner	Adapt, Combine, Master, Modify, Revise, Adjust, Customise, Solve	B 70% - 79%
<b>PRECISION</b>	Actions are more precise but with still some errors. Precision is not perfect. It is to be clear, articulated, accurate, correct, 'controlled', smooth and with finesse	Perform skillfully, Proficient, Becoming an expert	C 60% - 69%
<b>MANIPULATING</b>	Actions are performed from memory and from instruction learnt	Implement, Demonstrate, Re-create, Repeat, Perform, Execute, Present	D 40% - 49% E 30% - 39%
<b>IMITATING</b>	The learner is learning or has learnt to watch and copy instructions and actions. Actions consist of concepts, content, values, attitudes, skills, techniques, characteristics and principles in the subject	Repeat, Duplicate, Reproduce, Imitate, Copy	F 20% - 29% G 10 - 19% H 0 - 9%

Vra jou onderwyser om jou te help om elke vlak van Dave se taksonomie te verstaan en te gebruik om jou praktiese en tegniese vaardighede, kennis en tegnieke vir die praktiese eksamen te verbeter.

## ASSESSERING:

SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING		
<b>Kwartaal 1</b>	Taak 1: Geskrewe toets Evalueringstaak	25 punte 25 punte
	Taak 4: PAT- Choreografie en Joernaal: o Proses Choreografie o Proses Joernaal	30 punte 30 punte
<b>Kwartaal 2</b>	GEEN Halfjaar Praktiese Eksamen nie GEEN Halfjaar Skriftelike eksamen nie	
	Taak 4: PAT- Choreografie en Joernaal o Produk Choreografie o Produk Joernaal	20 punte 20 punte
<b>Kwartaal 3</b>	Taak 3: Proef Geskrewe Eksamen Evalueringstaak (Skyn Opvoeringseksamen)	100 punte 50 punte

FINALE EKSAMEN AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR EKSTERNE NSS	
Vraestel 2: Opvoerings Eksamen = 100 punte	
Vereiste 1: Solo een. Tegnie: 1-3 minute	50 punte
Vereiste 2: Solo twee. Opvoering: 1-3 minute	30 punte
Vereiste 3: Ongesiene Improvisasie: 2 minute	20 punte

FINALE EKSAMEN AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR (EKSTERNE NSS)	
Vraestel 1: Skriftelike Eksamen = 150 punte	
Afdeling 1: Veilige Danspraktyk en Gesondheidsorg	60 punte
Afdeling 2: Dansgeskiedenis en Geletterdheid	90 punte

- ➔ Gevolg van die gebruik van rekenaars
- ➔ Etiese kwessies as gevolg van die gebruik van rekenaars, intellektuele eiendomsregte, beskikbaarheid van informasie, moontlikhede en beperkings van IKT's, oplossings van nasionale en internasionale belang wat deur rekenaars verskaf word, die effek van naspeurtabelle en hoe IKT's beroepe beïnvloed

## Oplossingsontwikkeling

- ➔ Ontwerp van klasse en klasdiagramme
- ➔ Gepaste bepaling van datatipes
- ➔ Algoritmieseoplossing van 'n probleem
- ➔ Toetsing en naspeuring van algoritmes
- ➔ Toepassing van die beginsels van mens-rekenaarinteraksie en die ontwerp van funksionele gebruikerskoppelvlakke

## Assessering

Jy het 50% van die totaal vir hierdie vak in jou hande voordat jy die eksamenlokaal in Oktober betree. Dit sluit die skoolgebaseerde assessering (25%) en die PAT (25%) in en word as volg uitgelê:

- ➔ **Kwartaal 1:** 1 Teorie toets **50 punte**  
1 Alternatiewe taak **50 punte**
- ➔ **Kwartaal 2:** 1 Praktiese toets **50 punte**
- ➔ **Kwartaal 3:**  
**Proef eksamens:** 1 Praktiese eksamen **150 punte**  
1 Teorie eksamen **150 punte**
- ➔ **PAT:** Januarie tot Augustus, in drie fases verdeel: **150 punte**
  - **Fase 1:** Beplanning en ontwerp
  - **Fase 2:** Implementering (kodering)
  - **Algemeen:** Heel PAT evaluering

## Wenke vir sukses

- ➔ Die kern van die teorie-vraestel is die onderwerp "Stelseltegnologieë". Sorg dat jy hierdie gedeelte baie goed ken.
- ➔ Die werk wat jy in fase 2 van die PAT doen, voeg waarde by tot jou voorbereiding vir die teorievraag oor "Oplossingsontwikkeling".
- ➔ Die vaardigheid om op gegewe/bestaande kode op te bou is baie belangrik vir die Praktiese Eksamen.

## Werk deur vorige eksamenvraestelle

- ➔ Die kern van die teorie-vraestel is die onderwerp "Stelseltegnologieë". Sorg dat jy hierdie gedeelte baie goed ken.
- ➔ Die werk wat jy in fase 2 van die PAT doen, voeg waarde by tot jou voorbereiding vir die teorievraag oor "Oplossingsontwikkeling".
- ➔ Die vaardigheid om op gegewe / bestaande kode op te bou is baie belangrik vir die Praktiese Eksamen.



Eksamenvraestelle en voorgestelde antwoorde van vorige jare is beskikbaar by die volgende webtuiste: ePortal

# ISIXHOSA

Bhota mfundi webanga 12

Ngunyaka wakho wokugqibela ufunda esikolweni. Kunyanzelekile ukuba ubhale iimviwo zokuphela konyaka, ukwenza oko kulindeleke ukuba uzilungiselele kangangoko unako.

## lingcebiso malunga nokulungiselela iimviwo

- ➔ Cwancisa ixesha lakho ngobunono nenzondelelo
- ➔ Yiba nendawo ethe cwaka yokufundela
- ➔ Xa ufunda, qala ngalo miba inzima kwisifundo ukuya kwelula
- ➔ Zikhwebule kumkhuba wokuchitha ixesha elininzi kwiindawo zokuzonwabisa endaweni yokufunda iincwadi zakho
- ➔ Xa ufunda, mana ubhala phantsi amanqaku okufundayo ukuzikhumbuza
- ➔ Ukuhlaziya okufundileyo, ungasebenzisa amaphepha eemviwo ezigqithileyo
- ➔ Yazi ukuba ukufunda yinto oyenza ubomi bakho bonke, ngoko ke, ziqhelanise nokufunda rhoqo.

## Ukuhlola

Udweliso lwemisebenzi ehlopha ngokusesikweni namanqaku ayo.

## Kulwimi lwasekhaya

Ukuhlola okwenziwa ezikolweni ngokwekota			Uviwo lwan-gaphandle
Ikota 1: 1 Uvavanyo + 4 imisebenzi	Ikota 2: 2 imisebenzi + limviwo zikaJune  Iphepha 1= 70 Iphepha 2 = 80	Ikota yesi-3: 1 umsebenzi + limviwo zokuxabangela Iphepha 1=70 Iphepha 2= 80 Iphepha = 100	Ikota yesi-4: Uviwo lwan-gaphandle Iphepha= 70 Iphepha = 80 Iphepha = 100


## Kulwimi loku-1 olongezelelweyo

Ukuhlola okwenziwa ezikolweni ngokwekota			Uviwo lwan-gaphandle
Ikota yoku-1: Uvavanyo olu- 1 olubhalwayo + imisebenzi 3	Ikota 2: 3 imisebenzi + limviwo zikaJuni Iphepha 1 = 80 Iphepha 2 = 70	Ikota yesi-3: limviwo zokuxa-bangela Iphepha 1 = 80 Iphepha 2 = 70 Iphepha 3 = 100	Uviwo lwan-gaphandle Iphepha 1 = 80 Iphepha 3 = 70 Iphepha 3 = 100



**Learn Top 50 IsiXhosa Phrases and Word**

<https://qr.go.page.link/G9GCa>



**Conversational isiXhosa**

<https://qr.go.page.link/8XDNY>



## Kulwimi lwesi-2 olongezelelweyo

Ukuhlola okwenziwa ezikolweni ngokwekota			Uviwo lwan-gaphandle
Ikota 1:  Uvavanyo olu-1 olubhal- wayo + imisebenzi emi-2	Ikota 2:  2 imisebenzi + limviwo zika- Juni Iphepha 1 = 80 Iphepha 2 = 40  Okanye  Uvavanyo lwephepha loku-1 = 80	Ikota 3:  1 Umsebenzi + limviwo zo- kuxabangela Iphepha 1= 80 Iphepha 2 = 40 Iphepha 3 = 80	Ikota 4:  Uviwo lwan-gaphandle Iphepha 1= 80 Iphepha 2 = 40 Iphepha 3 = 80

Amacandelo namanqaku amaphepha eemviwo

Amaphulo okuncedisana nawe ukulungiselela ezi mviwo

- ➔ Kwezinye izithili, kuqhutywa izifundo zangoMgqibelo zesiXhosa, izikolo zasebusika, izikolo zasentwasahlobo, ukuncedisana nawe mfundi.
- ➔ Amaphepha eminyaka edlulileyo esiXhosa ayafumaneka kwiwebhusayithi ethi [www.education.gov.za](http://www.education.gov.za)
- ➔ Ndikunqwenelela impumelelo kwizifundo zakho zonke ingakumbi kwisiXhosa.



# LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

Beste Graad 12 Landboubestuurspaktyke-leerder

Landboubestuurspaktyke is die studie en toepassing van produksie ekonomiese en bestuursbeginsels wat in die verbouing, transformasie en bemarking van voedsel en ander landbouprodukte gebruik word. Hierdie beginsels word gebruik om waarde tot landbouprodukte van hoë gehalte te voeg sodat hierdie produkte ekonomiese, estetiese, sosiale en kulturele waarde het.

Die vak is ontwikkel om jou 'n gesonde praktykgerigte grondslag te bied wat die teoretiese en praktiese komponente integreer.

## Oorsig van kennis

- ➔ Bestuursvaardighede: is die kennis en vaardighede wat nodig is om produksiefaktore te beplan, organiseer, lei, beheer en evalueer ten einde volhoubare produksie-ondernemings te verseker;
- ➔ Entrepreneursvaardighede: is die vermoë om risiko's te bestuur en produksiefaktore kreatief te kombineer ten einde voortreflike goedere en dienste te produseer;
- ➔ Bedryfsvaardighede: behels die daaglikse bestuur van gewas- en diere-ondernemings;
- ➔ Bemarkingsvaardighede: is die aktiwiteite in die landbouvoorsieningsketting wat waarde toevoeg en met verskeie landbouproduksielyne verband hou, insluitend aktiwiteite wat ná die oes plaasvind, soos berging, verwerking, voedselveiligheid, produkverpakking en verspreiding na verbruikers in plaaslike en wêreldmarkte; en
- ➔ Navorsingsvaardighede: sluit aspekte van probleemidentifisering, die stel van mikpunte, data-insameling, -analise, -evaluering en verslagskrywing in.

## Vakvereistes

Elke leerder moet die volgende hê:

- ➔ 'n handboek; en
- ➔ beskermende klere vir praktiese werk.

## Tydtoewysing vir Landboubestuurspaktyke


- ➔ Vier uur per week word aan Landboubestuurspaktyke toegeken. Een ononderbroke periode van twee uur moet per week vir praktiese werk toegeken word. Praktiese klasse in die middag kan gebruik word om die PAT af te handel en vir ander praktiese aktiwiteite soos deur die skool bepaal.

## Inhoudskontrolely

Hieronder 'n kontrolely wat jy behoort te gebruik om te verseker dat al die inhoud vir Graad 12 volledig gedek is.

Die belangrikste onderwerpe in Graad 12 is:

1. Gewasproduksie en Gewasbestuur
2. Grond- en Water-besproeiing Bestuur
3. Produkoes en Gehaltebeheer
4. Diereproduksie en Aspekte van Dierebestuur
5. Plaasbeplanning en Rekordhouding
6. Waardetoevoeging, Prosessering en Produsenteorganisasies
7. Agri-toerisme, Besigheidsbeplanning en Entrepreneurskap



## Assesering

- ➔ SGA: 25% 100 punte
- ➔ PAT: 25% 100 punte
- ➔ Finale eksterne eksamen (Nov) **50%** **200 punte**

Gedurende die jaar sal jy verskillende formele asseseringstake voltooi. Alle asseseringstake is baie belangrik en jy moet dit na die beste van jou vermoë voltooi om 'n goeie SGA-punt te verseker.

Die volgende formele asseseringstake is verpligtend: :

- ➔ PAT
- ➔ Een praktiese taak
- ➔ Twee kontroletoetse
- ➔ Voorbereidingseksamen. Hierdie eksamen bevat dieselfde inhoudsverspreiding en formaat as die finale eksamenvraestel.
- ➔ Novembereksamen
- ➔ **Tydskuur van vraestel: 3 uur**
- ➔ **Produksieondernemings**
- ➔ Afdeling A (korter vrae) **50 punte**
- ➔ Afdeling B (3 x langer vrae) **(150) 3 x 50 punte**
- ➔ **Totaal: 200 punte**

## Wenke vir sukses

- ➔ Vra jou onderwyser vir die inhoudsraamwerk van graad 12. Plak dit in jou werkboek. Merk elke onderwerp af soos dit in die klas onderrig word en skryf die toepaslike handboekbladsynommer langs elke onderwerp neer.
- ➔ Berei jouself voor om grafieke te teken en te interpreteer, berekeninge te doen (bv. die koëffisiënt van verteerbaarheid of voedingsverhouding), gevallestudies en scenarios deeglik te lees, diagramme te interpreteer (ook die byskrifte) en om jou kennis toe te pas.
- ➔ Gebruik soveel moontlik vorige Landboubestuurspaktykevraestelle om jou vir die eksamen voor te berei.
- ➔ Die PAT moet akkuraat en netjies volgens die PAT-riglyne gedoen en in die voorgeskrewe tyd afgehandel word.
- ➔ Take en praktiese take moet volgens die riglyne gedoen en betyds ingelewer word.



Beste Graad 12 Landboutegnologie-leerder

Die vak Landboutegnologie fokus op tegnologie wat in die landbou gebruik word. Die vak dek die kennis hoe prosesse, gereedskap, toerusting, strukture en vaardighede deur boere benut word, om landbougrond te bewerk en voedsel en produkte te produseer deur van verskeie produksieprosesse, en die handhawing en onderhouding van kwaliteit lewensstandaarde, en die uitbouing van ekonomiese en estetiese en goeie kulturele waardes gebruik te maak.

## Oorsig van kennis

- ➔ Tegnologie, samelewing en die omgewing
- ➔ Tegnologiese prosesse
- ➔ Spesifieke kennis en begrip
- ➔ Toepassing van kennis

## Vakvereistes

Skole moet behoorlike toegeruste werksinkels en voldoende menslike hulpbronne beskikbaar hê waar praktiese demonstrasies, lesse en praktiese werk (PAT) gedoen kan word. Maak seker dat jy 'n handboek, oefenboek, sakrekenaar, liniaal, uitveër, pen en potlood het.

## Tydtoewysing vir Landboutegnologie

Vier uur per week word aan Landboutegnologie toegeken. Een ononderbroke periode van twee uur moet per week vir praktiese werk toegeken word. Praktiese klasse in die middag kan gebruik word om die PAT af te handel en vir ander praktiese aktiwiteite soos deur die skool bepaal.

## Inhoudskontrolelys

Hieronder 'n kontrolelys wat jy behoort te gebruik om te verseker dat al die inhoud vir Graad 12 volledig gedek is.

Die belangrikste onderwerpe in Graad 12 is Veiligheid, Strukturele materiale, Energie, Konstruksieprosesse, Apparate en Toerusting, Besproeiing en Watervoorsiening, Kommunikasie, Tekeninge en Afmetings, Bewerkings en Kalibrasies.

## Oorsig van Onderwerpe

### Veiligheid

Veiligheidsgevaar: drie stappe van 'n gevaarbeheerstelsel  
BGV Wetgewing: plaasveiligheidsregulasies volgens die BGV Wetgewing.

### Strukturele Materiale

- ➔ Metaalalloeie
- ➔ Sintetiese materiale
- ➔ Elektriese omheining

### Energie

- ➔ Alternatiewe energie: wind, son geotermiese en bio-energie

### Konstruksieprosesse

- ➔ Gevorderde sweistegnieke



## Apparaat en toerusting

- ➔ Oes- en gewasbewerkingsmasjinerie/ -toerusting
- ➔ Trekkerstelsels

## Besproeiing en Watervoorsiening

- ➔ Oorhoofse besproeiingstelsels (makro besproeiingstelsels):
  - ➔ besproeiingskedules
  - ➔ die verwydering van afvalwater
  - ➔ watersuiwering/-versagting

## Kommunikasie

- ➔ Rekenaar en besproeiingsbeheerstelsels
- ➔ Rekenaars wat enjins, implemente en toerusting beheer en monitor (GPS; CIS; VRT).

## Tekeninge

- ➔ Maak vryhandsketse van strukture, geboue of implemente.

## Afmetings, bewerkings en kalibrasies

- ➔ Probleemoplossing met dataversameling

## Assesering

- ➔ **SGA:** 25% **100 punte**
- ➔ **PAT projek:** 25% **100 punte**
- ➔ **Finale eksterne eksamen (Nov):** 50% **200 punte**

Die volgende **formele asseseringstake** is verpligtend:

- ➔ Een praktiese taak
- ➔ Twee kontroletoetse
- ➔ Junie eksamen
- ➔ Voorbereidingseksamen. Hierdie eksamen bevat dieselfde inhoudverspreiding en formaat as die finale eksamenvraestel.
- ➔ PAT
- ➔ Novembereksamen

Die **eksterne eksamenvraestel** is soos volg saamgestel:

- ➔ **Novembereksamenvraestel:** (3 uur) **200 punte**
- ➔ **Afdeling A:** Vraag 1 (Kortvrae) **40 punte**
- ➔ **Afdeling B:**
  - Vraag 2:** Materiale en Strukture **35 punte**
  - Vraag 3:** Energie **20 punte**
  - Vraag 4:** Vaardighede en Konstruksieprosesse **35 punte**
  - Vraag 5:** Apparaat, Implemente en Toerusting **40 punte**
  - Vraag 6:** Waterbestuur **30 punte**

## Wenke vir sukses

- ➔ Vra jou onderwyser vir die inhoudsraamwerk van graad 12. Plak dit in jou werkboek. Merk elke onderwerp af soos dit in die klas onderrig word en skryf die toepaslike bladsynommer in die handboek langs elke onderwerp neer.
- ➔ Berei jouself voor om grafieke te teken en te interpreteer, berekeninge te doen gevallestudies en scenarios deeglik te lees, diagramme te interpreteer (ook die byskrifte) en om jou kennis toe te pas.
- ➔ Gebruik soveel moontlik vorige Landboutegnologievraestelle om jou vir die eksamen voor te berei.
- ➔ Die PAT moet akkuraat en netjies volgens die PAT-riglyne gedoen en in die voorgeskrewe tyd afgehandel word.
- ➔ Take en praktiese take moet volgens die riglyne gedoen en betyds ingelewer word.



Beste Graad 12 Landbouwetenskappe-leerder

Landbouwetenskappe poog om jou wetenskaplike kennis en benadering tot relevante landboukonsepte te ontwikkel. In Graad 12 word Dierestudies, Landboubestuur en Basiese Landbougenetika as hoofinhoudsonderwerpe gehanteer. Die onderstaande inhoudskontrolelys gee 'n uiteensetting van hierdie hoofinhoudsonderwerpe.

## Vakvereistes

Maak seker jy het 'n handboek, werkboek, sakrekenaar, liniaal, uitveër, pen en potlood.

## Inhoudskontrolelys

Hieronder 'n kontrolelys wat jy behoort te gebruik om te verseker dat al die inhoud vir Graad 12 volledig gedek is.

### 1. Dierestudies:

#### Dierevoeding

- ➔ Die Spysverteringskanaal van plaasdiere: Algemene strukture
- ➔ Vertering en absorpsie van voere in plaasdiere
- ➔ Komponente van 'n voer
- ➔ Verteerbaarheid van voere
- ➔ Biologiese waarde van voere
- ➔ Energiewaarde van voere
- ➔ Aanvullings
- ➔ Tipes voere
- ➔ Beplanning van 'n voerprogram

#### Diereproduksie, Bekerming en Beheer

- ➔ Verhoging van produksie
- ➔ Skuiling
- ➔ Hantering van plaasdiere
- ➔ Gedrag van plaasdiere
- ➔ Siektes (virus, bakterieë, protooë en swam)
- ➔ Inwendige en uitwendige parasiete
- ➔ Plant en swaarmetaalvergiftiging
- ➔ Die rol van die staat in dierebeskerming


#### Dierereproduksie

- ➔ Reproduksieorgane (manlik en vroulik)
- ➔ Sinkronisasie van bronstigheid
- ➔ Kunsmatige paring en teling
- ➔ Dragtigheid en geboorte
- ➔ Melkproduksie

### 2. Landboubestuur:

#### Landboubestuur en Bemaking

- ➔ Landboubemaking
- ➔ Markewewig
- ➔ Bemakingstelsels
- ➔ Entrepreneurskap en besigheidsbeplanning



<https://bit.ly/3V7Rm37>

## Produksiefaktore

- ➔ Grond en arbeid
- ➔ Kapitaal en bestuur

### 3. Basiese Landbougenetika:

- ➔ Monohibriede en dihibriede kruisings
- ➔ Oorerflikheid
- ➔ Variasie en mutasies
- ➔ Seleksie
- ➔ Genetiese modifikasie en ingenieurswese

## Assessering

- ➔ Formele assesseringstake 25% **100 punte**
- ➔ Finale eksterne eksamen 75% **300 punte**

Gedurende die jaar moet jy verskillende formele assesseringstake voltooi. Alle assesseringstake is uiters belangrik en moet na die beste van jou vermoë voltooi word om sodoende 'n goeie jaarpunt te verseker.

Die volgende formele assesseringstake is verpligtend:

- ➔ Een praktiese ondersoek
- ➔ Een navorsingstaak
- ➔ Een kontroletoeets
- ➔ September eksamen. Hierdie eksamen bestaan uit twee vraestelle wat presies dieselfde Inhoudverspreiding en formaat as die finale eksamen vraestelle bevat.

Die eksterne eksamen vraestelle is soos volg gestruktureerd:

#### Vraestel 1: Dierestudies


- ➔ Diervoeding **150 punte**
- ➔ Diereproduksie, Bekerming en Beheer **50 punte**
- ➔ Dierereproduksie **50 punte**

#### Vraestel 2: Landboubestuur en Genetika

- ➔ Landboubemaking en -bestuur **150 punte**
- ➔ Produksiefaktore en Bestuur **50 punte**
- ➔ Basiese Landbougenetika **50 punte**

## Wenke vir sukses

- ➔ Vra jou onderwyser vir die inhoudsraamwerk van graad 12. Plak dit in jou werkboek. Merk elke onderwerp af soos dit in die klas onderrig word en skryf die toepaslike handboekbladsynommer langs elke onderwerp neer.
- ➔ Maak seker dat jy die relevante en korrekte Landbouwetenskappe-inhoudsonderwerpe vir elk van die vraestelle voorberei.
- ➔ Berei jouself voor om grafieke te teken en te interpreteer, berekeninge te doen (bv. die koëffisiënt van verteerbaarheid of voedingsverhouding), gevallestudies en scenarios deeglik te lees, diagramme te interpreteer (ook die byskrifte) en om jou kennis toe te pas.
- ➔ Gebruik soveel moontlik ou Landbouwetenskappevraestelle om jou vir die eksamen voor te berei.



# LEWENSORIËTERING

Beste Graad 12-leerder

Lewensoriëntering rig en berei jou voor vir die lewe, vir die verantwoordelikhede en al die moontlikhede. Jy sal die skoolstelsel verlaat met vaardighede wat jou voorberei om 'n verantwoordelike volwassene te wees wat beskik oor goeie besluitnemings-vaardighede; 'n verantwoordelike landsburger wat sal bydrae tot die land se ekonomiese groei, en jou kennis van gesondheid en oefening sal help om leefstylsiektes te voorkom.

## Vakvereistes

- ➔ 'n Handboek
- ➔ 'n Werkboek
- ➔ Gemaklike klere vir Liggaamlike Opvoedingaktiwiteite
- ➔ Gemaklike skoene/ tekkies

## Inhoudskontrolelyns

Hieronder is 'n kontrolelyns wat jy kan gebruik om te verseker dat jy al die Graad 12 inhoud ten volle gedek het. Maak seker dat jy hierdie insluit in jou hersieningsprogram. Die inhoud sal ingesluit word in die assesseringstake en die eksamens.

### 1. Selfontwikkeling in die samelewing

- ➔ Gesonde leefwysekeuses
- ➔ Stres: identifisering, hantering, stresvlakke
- ➔ Konflikoplossing: maniere om konflik op te los
- ➔ Kommunikasie: gevoelens, oortuigings, houdings
- ➔ Oorgang tussen skool en post-skool bestemming
- ➔ Persoonlike leefwyseplan om kwaliteitslewe te verseker
- ➔ Menslike faktore wat gesondheidsrisiko's inhou, ongelukke, krisis en rampe
- ➔ Leefstylsiektes
- ➔ Verbintenissen om aan langtermyn fisieke aktiwiteite deel te neem

### 2. Liggaamlike Opvoeding

Deelname aan programme wat die volgende bevorder:

- ➔ Ontspanning en rekreasie aktiwiteite
- ➔ Spele en sport
- ➔ Persoonlike fiksheids- en gesondheidsdoelwitte

### 3. Studievaardighede

- ➔ Assesseringsproses
- ➔ Skoolgebaseerde assessering
- ➔ Nasionale Senior Sertifikaat: studieplan
- ➔ Hersiening van studievervaardighede; eksamenskryfvaardighede

### 4. Demokrasie en menseregte

- ➔ Verantwoordelike burgerskap
- ➔ Diskriminasie en menseregteskendings
- ➔ Die rol van die media in 'n demokratiese samelewing
- ➔ Ideologieë, geloofsoortuigings en wêrelduitgangspunte oor rekreasie en fisieke aktiwiteite

### 5. Sosiale en omgewingsverantwoordelikheid

- ➔ Samelewingsverantwoordelikheid om veilige en gesonde leefwyse te bevorder
- ➔ Formulering van 'n persoonlike missieverklaring
- ➔ Impak van visie op aksies/ gedrag

### 6. Beroepe en Beroepskeuses

- ➔ Toewyding aan 'n besluit wat geneem is
- ➔ Aansoek om werk, verdere studie
- ➔ Strategieë om doelwitte te bereik
- ➔ Redes vir en die impak van werkloosheid
- ➔ Innoverende oplossings om werkloosheid teen te werk: vrywillige werk, deeltydse werk, gemeenskapswerk, entrepreneurskap en informele werk
- ➔ Finansiële en sosiale lewensvatbaarheid insluitend SAID se belastingpligtigheid
- ➔ Impak van korrupsie en bedrog
- ➔ Kernelemente van 'n werkskontrak: regte en verpligtinge; diensvoorwaardes
- ➔ Arbeidswetgewing; vakbonde
- ➔ Die Wet op Arbeidsverhoudinge
- ➔ Werketiek en samelewingsverwagtinge
- ➔ Die waarde van werk: hoe werk lewensbetekenis gee


### Assessering

Die assessering in Lewensoriëntering is 100% skoolgebaseerd. Elke leerder moet die volgende voltooi:

- ➔ 1 brongebaseerde taak **90 punte**
  - ➔ 1 projek **90 punte**
  - ➔ 2 eksamens
    - Kontrole toets **50x2 punte**
    - Gemeenskaplike Assesseringstaak Septembereksamen **100 punte**
  - ➔ 1 Liggaamlike Opvoedingstaak (LOT) **10+10=20**
- TOTAAL: 400 punte**

### Wenke vir Sukses

- ➔ Wees teenwoordig in alle Lewensoriënteringklasse.
- ➔ Neem deel aan kritiese refleksie
- ➔ Neem deel aan die Liggaamlike Opvoedingaktiwiteite: Fisieke Fiksheid; Sport en Spele; Rekreasie en Ontspanning.
- ➔ Oefen jou eie respons op belangrike verbale opdragte.
- ➔ Handig beide geskrewe take op die verwagte datum in.
- ➔ Maak seker dat jy beide eksamens skryf.



### Gr 12 LO Hersieningsboekie

[https://drive.google.com/file/d/1094PvOGMekJzBvAkzttmItRf-\\_3olks3/view?usp=sharing](https://drive.google.com/file/d/1094PvOGMekJzBvAkzttmItRf-_3olks3/view?usp=sharing)



# LEWENSWETENSAPPE

Beste Graad 12 Lewenswetenskappe-leerder

'n Liefde en apyt vir wetenskap, leergierigheid en uiterste noukeurigheid, met kritiese, analitiese en ondersoekende denke, entoesiasme vir probleemoplossing en deursettingsvermoë is van die belangrikste eienskappe wat nodig is om 'n sukses van Lewenswetenskappe te maak.

## Vakvereistes

Jy benodig die volgende:

- 'n Handboek
- 'n Blou of swart pen
- 'n Potlood om tekening te maak
- 'n Liniaal, gradeboog en passer om 'n sirkelgrafiek te teken
- 'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar

## Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n kontrolelys wat jy behoort te gebruik om te verseker dat jy die inhoud per vraestel ten volle gedek het.

### Vraestel 1

- **Voortplanting in vertebrate** – diversiteit van voortplantingstrategieë
- **Menslike voortplanting** – bou van die manlike en vroulike voortplantingstelsel, puberteit, gametogenese, menstruele siklus, bevrugting, ontwikkeling van die sigoot tot blastosist, inplanting, gestasie en die rol van die plasenta
- **Reaksie op die omgewing (mense)** – sentrale seuweestelsel, perifere sensuweestelsel, outonome sensuweestelsel, sensuwees, eenvoudige refleksboog, afwykings van die sentrale sensuweestelsel, reseptore, menslike oog en oor.
- **Reaksie op die omgewing (plante)** – planthormone en plantverdedigingsmeganismes
- **Edokriene stelsel en homeostase** – insluitend negatiewe terugkoppelingsmeganismes

### Vraestel 2

- **DNS/DNA: Die kode van lewe** – ligging, struktuur, funksies, DNS/DNA replisering, DNS/DNA profiele, RNS/RNA ligging, struktuur en funksie, proteïensintese
- **Meiose** – proses, belangrikheid, abnormale meiose, vergelyking van mitose en meiose
- **Genetika en oorerwing** – konsepte in oorerwing, monohibried kruisings, geslagsbepaling, geslagsgekoppelde oorerlikheid, bloedgroepe, dihibriedkruisings, genetiese afstammeling/stambome, mutasies, genetiese manipulasie, vaderskaptoetse, genetiese skakels
- **Evolusie** – bewyse vir evolusie, variasie, teorieë (Charles Darwin, Lamarck, Gepunte ewewig), kunsmatige seleksie, spesiasie, meganismes van voortplantings-isolasie, evolusie tans, menslike evolusie, "Uit Afrika" hipotese

## Assessering

Gedurende die jaar moet jy verskillende formele assesseringstake voltooi. Alle assesseringstake is uiters belangrik en moet na die beste van jou vermoë voltooi word om 'n goeie jaarpunt te verseker.

- Formele assesseringstake: 25%
- Finale eksterne eksamen: 75%



**100 punte**  
**300 punte**

## Die volgende formele assesseringstake is verpligtend:

- **Kwartaal 1:** Praktiese taak (minimum 30 punte) en formele toets (minimum 50 punte)
- **Kwartaal 2:** Praktiese taak (minimum 30 punte) en halfjaareksamen (minimum 50 punte)
- **Kwartaal 3:** Opdrag (minimum 50 punte) en proefeksamen (twee vraestelle – 150 punte elk)
- **Kwartaal 4:** Finale eksterne eksamen (twee vraestelle – 150 punte elk)

## Wenke vir sukses

- Vra jou onderwyser vir die Nasionale Eksamenriglyne vir Graad 12. Dit sal jou die gedetailleerde inhoud gee. Plak dit in jou oefeningboek. Merk elke onderwerp soos dit in die klas onderrig word en skryf die relevante bladsye van die handboek langs die onderwerp neer.
- Gebruik regdeur die jaar vorige en voorbeeldvraestelle om jou insig en begrip van die konsepte/prosesse en die vermoë om verworwe kennis in nuwe situasie toe te pas, te assesseer.
- Jy moet jou ondersoek self ontwerp. Jy moet weet wat onafhanklike, afhanklike en kontrole-veranderlikes is voordat jy ddit toepas. Jy moet ook weet en verstaan wat 'n ondersoekvraag en 'n hipotese is voordat jy dit self kan formuleer.



**Telematiese videos:**  
**2019 tot 2021**

<https://bit.ly/2DnR70S>



**Lewenswetenskappe**  
**lesse:**

<https://wcedeportal.co.za/lessons/fet-phase>

# MEGANIESE TEGNOLOGIE

Liewe Graad 12 Meganiese Tegnologie- leerder

Om sukses aan die einde van die jaar te behaal, is dit baie belangrik dat jy deur die jaar voortdurend in Meganiese Tegnologie al die verskillende temas, die voorgeskrewe kernkonsepte leer en die teorie in die maak van die PAT toepas.

## Vakvereistes

Handboek, sakrekenaar en oorpak

## Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n lys wat jy moet gebruik om seker te maak dat jy al die inhoud van Meganiese Tegnologie volledig bestudeer het.

## Meganiese Tegnologie

### Veiligheid (Generies)

- ➔ OHS Wetgewing en regulasies waar van toepassing.

### Materiale(Generies)

- ➔ Eienskappe en gebruik
- ➔ Metodes om eienskappe van staal te verbeter.

### Pas en Masjinerig

#### Terminologie

- ➔ Indeksering, "DRO" programmering

#### Gereedskap

- ➔ Voorkomende instandhouding

#### Kragte

- ➔ Berekening van kragte, momente, spanning en vervorming.

#### Lasmetodes

- ➔ Skroefdraadberekening

#### Stelsels en beheer

- ➔ Meganiese komponente, Berekening van snelheid, Oordrag van beweging, Hildroulika/Pneumatika

#### Motor

##### Gereedskap

Diagnostiese toerusting

##### Enjins

- ➔ Krukasse, Konstruksie en werking van turbo-aanjaers

##### Kragte

- ➔ Motor berekening

##### Instandhouding

- ➔ Die gebruik van toetsapparaat om foute te diagnoseer.

##### Stelsels en beheer

- ➔ Werking en funksies van die Outomatiese ratkas, stuurstelsels en elektrisiteit.

##### Sweis en Metaalwerk

###### Gereedskap

- ➔ Doelgemaakte gereedskap en toerusting

###### Terminologie

- ➔ Template, Berekening met plaatmetaal, Toepassing van sweissimbole, Ontwikkelings

###### Kragte

- ➔ Kragte en momente, Staalraamwerk, Stres en Spanning

## Instandhouding

- ➔ Instandhouding van verskillende bedryfstelsels

## Lasmetodes

- ➔ Inspeksie van sweiswerk, Destruktiewe toetse, Nie-destruktiewe toetse, Vervorming en spanning, Effek van temperatuur

## ASSESSERING

### Skoolgebaseerde Assessering (25%)

- |  |                        |
|--|------------------------|
| ➔ <b>Kwartaal 1:</b> Opdrag                  | 100 punte              |
| ➔ <b>Kwartaal 2:</b> Kontroletoeets/ Eksamen | 50 punte               |
| ➔ <b>Kwartaal 3:</b> Proefeksamen            | 200 punte              |
| ➔ <b>Totaal</b>                              | 200 punte              |
|  | <b>450 / 100 punte</b> |

### Praktiese Assessering Taak (PAT) (Motor)

25%

- |                                      |                      |
|--------------------------------------|----------------------|
| ➔ <b>Kwartaal 1:</b> Simulasie 1     | 50 punte             |
| ➔ <b>Kwartaal 2:</b> Simulasie 2 & 3 | 2 x 50 = 100 punte   |
| ➔ <b>Kwartaal 3:</b> Simulasie 4 & 5 | 2 x 50 = 100 punte   |
| ➔ <b>Totaal</b>                      | <b>250/100 punte</b> |

### (Pas & Masjinerig EN Sweis en Metaalwerk)

- |   |                      |
|---|----------------------|
| ➔ <b>Fase 1:</b> Vervaardiging          | 50 punte             |
| ➔ <b>Fase 2:</b> Hegtingsmetodes        | 50 punte             |
| ➔ <b>Fase 3:</b> Simulasie/ Eksperiment | 50 punte             |
| ➔ <b>Fase 4:</b> Finale Produk          | 50 punte             |
| ➔ <b>Totaal</b>                         | <b>200/100 punte</b> |

### Eksterne Eksamen (50%) 3 uur

200 punte

## Wenke vir sukses

- ➔ Vra jou onderwyser vir die inhoudraamwerk vir Gr.12. Dit sal jou die volledige inhoud gee. Plak dit in jou oefeningboek.
- ➔ Merk die onderwerp af soos dit in die klas behandel word.
- ➔ Maak seker dat jy formules kan manipuleer om probleme op te los.
- ➔ Die skoolgebaseerde assesseringtake en die PATe berei jou vir die eindeksamen voor.
- ➔ Maak seker dat jy al jou take betyds ingelewer het en gelet het op akkuraatheid, detail en netheid.



#### WCED eportal:

<https://wcedportal.co.za/grade12-subject-support>



#### Engines: Construction and operation of Turbo Chargers

<https://qrگو.page.link/FtfFv>

Beste Graad 12-leerder

Musiek vereis gereelde studie en oefening van die skriftelike sowel as die praktiese afdelings.

In die geskrewe afdelings, moet jy EEN keuse maak tussen Inheemse Afrika-musiek (IAM), Jazz of Westerse Kunsmusiek (WKM).

## Vakvereistes

- ➔ Notas vir Algemene Musiekkennis (AMK)
- ➔ Musiekinstrument
- ➔ Manuskripboek
- ➔ Klank- en videospeler

## Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n kontrolelys wat jy kan gebruik om te verseker dat jy al die werk vir graad 12 voltooi het:

### 1. Voordrag (Vraestel 3, 150 punte)

Daar sal van jou verwag word om die volgende vir jou gekose instrument(e) voor te berei:

- ➔ **Tegniese werk** (toonlere/arpeggios/oefeninge/studies)
- ➔ **Drie stukke.** Ten minste een van die stukke moet 'n ensemblewerk wees.
- ➔ **Gehoortoetse** (bladsang, sing van drieklanke en klap van ritmes)
- ➔ **Bladlees** (ongesiene musiekstuk)

### 2. Musiekgeletterdheid (Vraestel 1, Alle bane, 60 punte)

In graad 12 moet jy die volgende verstaan, identifiseer en gebruik:

- ➔ Sopraan-, Bas-, Alt- en Tenoorsleutels
- ➔ Toonlere: Majeur, mineur (natuurlik, harmonies & melodies), pentatonies, chromaties, heeltoon en blues
- ➔ Modusse
- ➔ Alle toonsoorttekens
- ➔ Tydmaattekens en groepering van note
- ➔ Intervalle
- ➔ Transposisie en transkripsie
- ➔ Drieklanke, primêre en sekondêre akkoorde in alle omkerings
- ➔ Kadensiële en deurgangs-6/4-akkoorde
- ➔ Dominant sewende in grondposisie
- ➔ Nie-akkoordnote
- ➔ Musikale terme
- ➔ Voltooi 'n gegewe melodie tot en met 12 mate in drieledige vorm vir enige instrument of stem

### 3. AMK (Vraestel 1, 60 punte)

#### Die Musiekindustrie (verpligtend vir alle bane)

- ➔ Hoe 'n musiekwerk gepubliseer en geregistreer word en deur kopiereg beskerm word
- ➔ Opnamemaatskappye in Suid-Afrika

Indien jy die **Inheemse Afrika-musiekbaan** volg, moet jy die volgende dek:

- ➔ Die funksie van musiek in Afrika-gemeenskappe
- ➔ 'n Dieptestudie en analise van twee liedere (en die kunstenaars) in elk van die volgende musiekstyle:
  - **Mbhaqanga:** Melodi Yalla & Wamuhle
  - **Maskandi:** Kuke Kwagijim' Iveni & Umama
  - **Isicathamiya:** uNomathemba & Wena Wedwa
  - **Malombo:** Phamba Madiba & Ngwana O Ya lela
  - **Kwela:** Banna Ba Rustenburg & See You Later
- ➔ Die studie van twee tradisionele Afrikamusiekvoordragte wat nie deel van jou eie kultuur uitmaak nie

Indien jy die **Jazz-baan** gekies het, moet jy die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse Jazz-style verstaan, asook 'n studie van verteenwoordigende kunstenaars en werke van elke styl:

- **Kaapse Jazz:** Abdullah Ibrahim (Mannenberg)
- **Vroeë Jazz-sangers:** Miriam Makeba (Lakutshon' iLanga)
- **Jazz by die Huis:** Zim Nqawana (eBhofolo)
- **Jazz in Ballingskap:** Brotherhood of Breath (Mra)
- **Nuwe Jazz:** The Jazz Epistles (Vary-oo-vum)
- **Kwela:** Spokes Mashiyane (Banna Ba Rustenburg)
- **Marabi (Vrouens):** Flying Jazz Queens (Langa More)
- **Marabi (Mans):** Manhattan Brothers (Jikela Emaweni)
- **Mbhaqanga:** Makgonatsohle Band (Umjomela)
- **Afgelope paar jare:** Feya Faku (The Colours They Bring)

Indien jy die **Westerse Kunsmusiekbaan** gekies het, moet jy die volgende musiekstyle en verteenwoordigende werke bestudeer:

- ➔ Die **Simfonie, Konsert Ouverture** en **Simfoniese Toondig**
  - Ontwikkeling van die simfonie
  - Sonata-, Rondo- en Menuet & Trio-vormstrukture
  - **Simfonie nr. 6 (Pastorale)** - L van Beethoven: Basiese analise van die volledige werk, met 'n dieptestudie van die 4de en 5de bewegings
  - **Hebrides Ouverture** - F Mendelssohn
- ➔ **Die Opera**
  - Ontwikkeling van die opera
  - Belangrike operaterme
  - **Die Towerfluit** - WA Mozart: Basiese analise van die volledige werk, met 'n dieptestudie van die Ouverture, Der Vogelfänger bin ich ja, Dies Bildnis ist bezaubernd schön, O Isis und Osiris, Der Hölle Rache, Pa-, pa-, pa-

### 4. Musiekbegrip (Vraestel 2, alle bane, 30 punte)

Daar sal van jou verwag word om jou kennis van algemene musiekkonsepte, vormstrukture en voorgeskrewe werke toe te pas terwyl jy na klankbane luister.

## Assesering

Vier take maak deel uit van 50% van die finale punt:

- ➔ **TWEE Praktiese Asseseringstake (PAtE): 100 punte** (25% van die finale punt)
    - **PAT 1:** Eie komposisie of verwerking of improvisasie (50 punte)
    - **PAT 2:** Openbare voordrag van een stuk met programnotas en 'n besigheidsplan (50 punte)
  - ➔ **DRIE SGA-take: 700 punte** (25% van die finale punt)
    - Kwartaal 1 Toets (100 punte)
    - Junie eksamen (300 punte)
    - Rekordeksamen (300 punte)
- Totaal SGA:**  $700 \div 7 = 100$  punte

Die oorblywende 50% word van die **finale NSS-eksamen** verkry:

- ➔ Die geskrewe eksamen (Vraestel 1 en Vraestel 2) (25% van die finale punt)
- ➔ Die praktiese eksamen (Vraestel 3) (25% van die finale punt)

## Wenk vir sukses

- ➔ Jy sal goeie punte behaal indien jy daagliks jou stukke en tegniese werk oefen en al jou take betyds inhandig



# ONTWERP

Beste Graad 12 Ontwerp-leerder

## Vakvereistes

Jy het die volgende nodig:

- ➔ 'n Ontwerp-handboek
- ➔ 'n Prosesboek
- ➔ Materiaal wat met jou **gekose dissipline** verband hou

## Ontwerpkategorieë:

- ➔ Visuele Kommunikasie-/ Inligtingsontwerp
- ➔ Oppervlakontwerp
- ➔ Produkontwerp
- ➔ Omgewingsontwerp

## Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n kontrolelys wat jy kan gebruik om te verseker dat jy al die werk vir Graad 12 voltooi het.

### Onderwerp 1 – Ontwerpproses (Prosesboek):

(10–12 uur per praktiese taak per kwartaal)

- ➔ Die prosesboek moet al jou beplanning, voorbereiding, ondersoek en navorsing toon om die geïdentifiseerde probleem van die opdrag op te los. Die navorsingsopdragte (**Ontwerp in 'n Besigheidskonteks**) vorm deel van hierdie proses en moet 'n direkte skakel met jou praktiese taak toon

### Onderwerp 2 – Ontwerpproduksie:

(18–20 uur per praktiese taak per kwartaal plus tyd na skool)

- ➔ Jy moet nou die produk/te in jou gekose ontwerpkategorie vervaardig. Onthou die funksionaliteit van die produk is belangrik. Dit is belangrik om na oorspronklikheid, kreatiwiteit en innovasie in die produk te streef, terwyl jy ook 'n gevorderde mate van tegniese vaardigheid toon in die gebruik van 'n verskeidenheid materiale en tegnieke wat gekies word.

### Onderwerp 3 – Ontwerpteorie:

Die finale Ontwerpteorie-vraestel sal uit SES vrae bestaan:

Die teorie word verdeel in drie afdelings:

#### Afdeling A: Ontwerpgeletterdheid (VRAE 1 to 3) 30 punte

- ➔ Analise van ongesiene voorbeelde
- ➔ Kommunikasie deur ontwerp
- ➔ Argitektuur

#### Afdeling B: Ontwerpeskiedenis (VRAAG 4) 30 punte

- ➔ Geskiedenis van ontwerp

#### Afdeling C: Ontwerp in 'n sosiokulturele/ omgewings- en volhoubare konteks (Vrae 5 en 6) 40 punte

- ➔ Ontwerp en sosio-kulturele kwessies
- ➔ Ontwerp en omgewings- en volhoubare konteks

Die finale Ontwerpteorie-vraestel sal uit SES vrae bestaan:

#### AFDELING A: VRAE 1 to 3

- ➔ Ontwerpgeletterdheid (30 punte)
- ➔ Analise van ongesiene voorbeelde
- ➔ Kommunikasie deur ontwerp
- ➔ Argitektuur

#### AFDELING B: VRAAG 4

- ➔ Ontwerpeskiedenis (30 punte)
- ➔ Geskiedenis van ontwerp

#### AFDELING C: Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks (Vrae 5 en 6) 40 punte

- ➔ Ontwerp en sosio-kulturele kwessies
- ➔ Ontwerp en omgewings- en volhoubare konteks

Jy moet **AL 6** vrae beantwoord, maar lees die instruksies noukeurig aangesien daar **keuses** in die vrae is.

Jy moet die volgende voltooi:

KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
<b>TAAK 1</b> Teorie-toets 50 punte	<b>TAAK 3</b> Teorie- eksamen of kontrole-toets 100 punte	<b>TAAK 5</b> Teorie Proef- eksamen 100 punte	<b>TAAK 7.1</b> Teorie Vraestel 1 100 punte

<b>TAAK 2</b> Prakties 1 Prosesboek 100 punte	<b>TAAK 4</b> Prakties 2 Prosesboek Book 100 punte	<b>TAAK 7.2</b> Prakties Vraestel 2 Prosesboek 50 punte	<b>TAAK 7.2</b> Prakties Vraestel 2 Produk 50 punte
<b>TAAK 6: Pat (Retrospektiewe uitstalling):</b> Dit is 'n uitstalling van jou werk waar die minimum vereistes Produkte 1 & 2 is. Jy behoort hierdie produkte te ontwikkel en uit te brei na 'n samehangende en holisties groep produkte gesien in die konteks van 'n uitstalling. 100 punte			
<b>PRAKTIES 1</b> Produk 1	<b>PRAKTIES 2</b> Produk 2	<b>PRAKTIES PAT: Retrospektiewe uitstalling</b> Verfyning, uitbreiding en ontwikkeling van produkte temas in prakties 1 en 2 100 punte	
<b>TAKE 1 – 5 sal jou skool gebaseerde assessering (SGA) vorm (25% van finale punt)</b>			
<b>100 (SBA) + 100 (TAAK 6: PAT) + 100 (TAAK 7.2: PRAKTIESE EKSAMEN) + 100 (TAAK 7.1: TEORIE EKSAMEN) = 400 (TOTAL PUNTE)</b>			

## Wenke vir sukses

- ➔ Word **ontwerpgeletterd** deur bewus te wees van ontwerp rondom jou! Let op die tendense in Ontwerp. Wees sensitief en bewus van sosiale en omgewingskwessies wat ontwerp beïnvloed. Onderskei vooraf tussen plaaslike en internasionale ontwerpers se gevallestudies om nie deurmekaar te raak tydens die eksamen nie.
- ➔ Spesialiseer in een ontwerp kategorie om jou kapasiteit op te bou en uit te blink in jou praktiese werk
- ➔ Hou jou kliënt of teikenmark altyd in gedagte wanneer jy ontwerp. Is jou ontwerp funksioneel en esteties, sal dit aan die behoeftes voldoen en die lewe verbeter?



### Design Revision Term 2

<https://wcedportal.co.za/eresource/123571>



### Design Revision Term 3

<https://wcedportal.co.za/eresource/147261>



### Grade 12 Design Study Guide

<https://wcedportal.co.za/eresource/203286>

# REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE (RTT)

Liewe Graad 12-leerder

Rekenaartoeëpassingstegnologie is die studie van die komponente van 'n rekenaarsstelsel (soos hardeware en sagteware) en die gebruik en toeëpassing van praktiese tegnieke om alledaagse probleme op te los. In RTT sal jy gevallestudies (scenario's) gegee word en gevra word om programme soos woordverwerking, sigblaaië, databasisse, aanbiedings en selfs die ontwerp van webwerwe te gebruik om probleme op te los.

## Vakvereistes

Intreevlak-rekenaar met minstens die volgende sagteware:

- ➔ Windows 8 / Windows 10 of Linux as bedryfstelsel
- ➔ Office suite (MS Office 2016/2019/365)
- ➔ Grafiese program (soos Paint, Paint 3D, ens.)
- ➔ HTML teksredigeerder (bv. Notepad++)
- ➔ Anti-virus sagteware
- ➔ Toegang tot die Internet

## Inhoudskontrolelys

### Apparatuur

- ➔ Toevoer- en afvoertoestelle
- ➔ Bergings-/stoortoestelle en media
- ➔ Opneem en afvoer van data
- ➔ Verwerking
- ➔ Netwerk argitektuur
- ➔ Eindgebruiker IKTs: Die invloed en gebruik in alledaagse lewe
- ➔ Normale gebruik van toestelle
- ➔ Probleemopsporing en voorstel van oplossings
- ➔ Die voor- en nadele van die gebruik van toestelle
- ➔ Nuwe tegnologieë

### Programmatuur

- ➔ Nutsprogramme
- ➔ Lêerorganisasie en -bestuur
- ➔ Bedryfstelsel
- ➔ Die rol en eienskappe van die bedryfstelsel
- ➔ Funksies en prosedures
- ➔ Foutopsporing en "huishouding"

### Toeëpassingsprogrammatuur

- ➔ Woordverwerking (WV)
- ➔ Sigblad (SP)
- ➔ Databasis (DB)
- ➔ HTML (web ontwerp)
- ➔ Integrasie
- ➔ Gevorderde uitlegte en formatering
- ➔ WV: 'styles', 'mail merge', outomatiese inhoudsopgawe, 'indexes', 'pagination', 'referencing', dokumentontwerp en uitleg
- ➔ SP: funksies en formules - bv. IF, COUNTIF, SUMIF, VLOOKUP, Berekeninge met tyd en datums, teks funksies, grafieke
- ➔ DB: 'Data types', 'Field properties', basiese berekeninge in navrae en verslae, groepering en sortering, valideringstegnieke
- ➔ Foutopsporing en voorstel van oplossings binne 'n scenario
- ➔ HTML-elemente: genommerde lyste en kolpuntlyste, hiperskakels, invoeging van prente, skep van tabelle en werk met eienskappe van lettertipes

### Kommunikasie

- ➔ Internet, e-pos
- ➔ Regs-, etiese-, veiligheids- en omgewingskwessies
- ➔ Gesondheid- en ergonomiese kwessies
- ➔ Inligtingsbestuur
- ➔ Soek, vind en prosessering van inligting
- ➔ Samevoeging, skep en kommunikasie van nuwe inligting, reflekteer, evalueer en voorstel van oplossing

### Assessering

Elke leerder moet 'n Praktiese Assesseringstaak (PAT) produseer, waar jy al jou vaardighede en kennis van die programme saltoepas om 'n probleem op te los. Die PAT tel 25% van jou finale punt. Die

ander 75% bestaan uit die einde van die jaar eksamen (50%) en jou skool-gebaseerde assesseringstake (25%).

Die skoolgebaseerde assesseringstake (SGA) bestaan uit die volgende:

- ➔ **Kwartaal 1:** Teorie toets Min 50 punte
- ➔ Prakties toets Min 50 punte
- ➔ **Kwartaal 2:** Toets / Alternatiewe Assessering Min 50 punte
- ➔ **Kwartaal 3:** Voorbereidende eksamen (V1 - 150; V2 - 150)

### Finale eksamen

#### ➔ **Vraestel 1: Praktiese vraestel - 3 uur 150 punte**

Hierdie vraestel toets hoofsaaklik die praktiese vaardighede met betrekking tot die verpligte toeëpassingspakkette, naamlik woordverwerking, sigblaaië, databasis en HTML (web-ontwerp). Hierdie vaardighede sal op 'n geïntegreerde wyse binne 'n lewensgetroue scenario geassesseer word.

#### ➔ **Vraestel 2: Teorie-vraestel - 3 uur 150 punte**

- **Afdeling A:** Meervoudige keuse vrae, Pas items en aangepaste Waar/Onwaar.
- **Afdeling B:** 'n Verskeidenheid kort vrae gebaseer op inhoud, konsepte en vaardighede
- **Afdeling C:** Geïntegreerde scenario - gebaseer op 'n eindgebruikers scenario.

### Wenke vir sukses

- ➔ Hersiening word die beste gedoen deur vrae uit vorige vraestelle uit te werk en jou antwoorde met die memoranda te vergelyk. Die moeiliker dele van die praktiese werk (sigblaaië en databasisse) moet hersien word deur verskeie voorbeelde te doen sodat die prosedures verstaan en die vaardighede geoefen word.

### RTT praktiese eksamen: Moets en Moenies vir kandidate

#### Voor die eksamen

- ➔ Daag betyds op.
- ➔ Skenk aandag aan die onderwyser tydens die aanteken proses.
- ➔ Onttrek die data en herbenoem die lêergids na jou eksamennommer.
- ➔ Gee jou toegangskaart met jou eksamennommer daarop terug aan die toesighouer.
- ➔ Lees die vraestel noukeurig deur
- ➔ Kontroleer of jy al die nodige lêers in jou lêergids het
- ➔ Gebruik die bykomende lêë bladsye om deeglik te beplan.

#### Tydens eksamen

- ➔ Roep die toesighouer indien jy hulp nodig het.
- ➔ Stoor jou werk gereeld (elke 10 minute).
- ➔ Stoor jou werk slegs in jou eksamengids.

#### Na eksamen

- ➔ Moenie jou rekenaar af-log of afskakel nie.
- ➔ Maak seker dat al jou lêers in jou eksamengids gestoor is.
- ➔ Kyk of jou lêers kan oopmaak, dat daar geen kortpaaië of vermiste lêers is nie.
- ➔ Vul jou inligtingsblad in.

#### As jy die TWEDE SESSIE skryf

- ➔ Daag 'n uur VOOR DIE EINDE van die eerste sessie op.
- ➔ Al die voorskrifte en vereistes soos vir die eerste sessie geld ook hier.

#### In geval van 'n KRAGONDERBREKING

- ➔ Bly sit by jou werkstasie.
- ➔ Moet met niemand kommunikeer nie.
- ➔ Wag vir instruksies van die toesighouer.

# REKENINGKUNDE

Liewe Graad 12 Rekeningkundeleerder

Geluk met jou die bereiking van Gr 12 Rekeningkunde. Die vaardighede, kennis en waardes wat jy hierdie jaar gaan aanleer en/of uitbrei gaan van onskatbare waarde wees in jou persoonlike en professionele lewe. Graad 12 vereis harde werk, maar die bevrediging en vreugde om hierdie graad te slaag maak dit alles die moeite werd.

## Vakvereistes:

- ➔ 'n Handboek
- ➔ Een of meer Rekeningkunde-skrifboeke of werkboeke
- ➔ 'n Blou of swart pen, 'n potlood en liniaal
- ➔ 'n Nie-programmeerbare sakrekenaar

## Inhoudskontrolelys

### VRAESTEL 1

#### Maatskappye

- ➔ Begrippe, uniek aan maatskappye
- ➔ Unieke maatskappy-grootboekrekeninge, bv. Aandeelhouders vir dividende, Behoue inkomste, Verdelingsrekening, ens.
- ➔ AARP-beginsels (historiese koste, omsigtigheid, weselikheid, besigheidsentiteit, paring, lopende saak)
- ➔ Effek van transaksies op die rekeningkundige vergelyking
- ➔ Maatskappy-finansiële state met notas (Staat van Omvattende Inkomste, Staat van Finansiële Posisie en Kontantvloeistaat)
- ➔ Ouditverslag; Direkteursverslag
- ➔ Ontleding & vertolking van fin. state (finansiële aanwysers)
- ➔ Etiese en verantwoordelike korporatiewe bestuur en beheer in maatskappye. Lewer kommentaar oor uitvoerende (bv. HUB) en nie-uitvoerende direkteure, werkkomitees, bv. oudit-, vergoedings-, vaardigheidsontwikkeling-, KMI-komitees, ens.
- ➔ Professionele instellings en -beleide, bv. SAICA, SAIPA, King KODE III (verantwoordbaarheid, deursigtigheid) en hul rol in etiese korporatiewe bestuur.

### VRAESTEL 2

#### BTW

- ➔ Begrippe; etiese gedrag in terme van BTW
- ➔ Bereken die bedrag ontvangbaar van/betaalbaar aan SAID

#### Rekonsiliasies (opstel, ontleed en vertolk)

- ➔ Bank-, debiteure- en krediteurekonsiliasie (-versoenings)
- ➔ Debiteure-ouderdomsontleding
- ➔ Etiese gedrag en interne beheerprosesse

#### Vervaardiging

- ➔ Kostebegrippe, berekeninge en interne beheerprosesse
- ➔ Gelykbreekpunt (bereken en vergelyk dit met produksievlakke)
- ➔ Stel op en ontleed die Produksiekostestaat met notas en 'n verkorte Staat van Omvattende Inkomste

#### Begroting

- ➔ Begrippe, etiese gedrag, interne beheerprosesse
- ➔ Debiteure-invordering- en Krediteurebetalingskedules
- ➔ Voltooi, ontleed en vertolk Kontantbegrotings en die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste
- ➔ Vergelyk werklike met begrote syfers; lewer kommentaar op die uitwerking van koste-items op inkomstes (bv. advertensies op verkope, ens.)

#### Vaste Bates (Vraestel 1 en 2)

- ➔ Beide vraestelle: Waardevermindering, aankoop en verkoop van bates aan die begin, gedurende en einde van 'n jaar
- ➔ Vraestel 1: Waardasie vir verslagdoening, bv. Vaste bate-nota
- ➔ Vraestel 2: Opskrif & interne beheer, Bateverkoperek./Vaste bateregister

#### Voorraadstelsels

- ➔ Begrippe, etiese gedrag en interne beheer
- ➔ Periodieke vs Deurlopende voorraadstelsels (voor- en

- nadele); berekeninge van koste van verkope & bruto wins
- ➔ Voorraadwaardasie-metodes: Spesifieke identifikasie, EIEU, Geweegde gemiddelde
- ➔ Etiese bestuur en interne beheer van voorraad

## FORMULEBLAD

Dieselfde formuleblad word in Vraestel 1 en 2 gebruik. Maak seker dat jy al die formules op hierdie blad ken en kan toepas. Oefen ook om die blad doeltreffend in die eksamen te gebruik. LEES die opdrag in 'n vraag deeglik sodat jy die korrekte bedrae in die berekening gebruik, bv. FINALE voorraad OF GEMIDDELDE Voorraad.

## Assesseringsvereistes

### Skoolgebaseerde Assesering (SBA)

- ➔ **Kwartaal 1:** Geskrewe verslag; Kontroletoeits 1
- ➔ **Kwartaal 2:** Navorsingsprojek; Halfjaareksamen\* (2 vraestelle) (\*onderhewig aan verandering)
- ➔ **Kwartaal 3:** Gevallestudie; Proefeksamen (2 vraestelle)

Voltooi alle asseseringstake, toetse en eksames na die beste van jou vermoë om 'n goeie jaarpunt te verseker.

### NSS-eksamen: 2 vraestelle (150 punte; 2uur ELK)

Die TWEE vraestelle word op **verskillende datums** geskryf; maak seker dat jy die eksamenrooster goed bestudeer. Daar is geen keusevrae nie. Elke vraag dek 'n onderwerp en word in 'n spesiale antwoordeboek beantwoord. Alle rowwe bewerkings moet in die antwoordeboek getoon word.

**ONTHOU:** Jy kan alie vrae in 'n donker potlood voltooi sodat jy foute kan uitvee. GEEN korrigeervloeistof word in die eksamen toegelaat nie en punte word verbeur vir onleesbare en onnetjiese werk.

### Wenke vir sukses:

- ➔ Voltooi minstens EEN Rekeningkunde-aktiwiteit/vraag oor die onderwerp wat in die klas behandel is. Dit help jou om die teorie en/of die berekeninge te verstaan en toe te pas.
- ➔ OEFEN ... OEFEN ... OEFEN. Werk gereeld deur ou eksamen-vraestelle om jou eksamenskrif-vaardighede te oefen, bv. tydbestuur, lees van instruksies met insig, ens. [Vorige eksamenvraestelle in die een-vraestel formaat is steeds bruikbaar, want die eksamineerbare inhoud het nie verander nie.]
- ➔ Jou studie-/hersieningsprogram moet die aantal weke en dae wat jy beskikbaar het vir jou Rek-studies aan te toon. Laat genoeg tyd toe vir ELKE onderwerp. Werk meer aan dié onderwerpe waarmee jy sukkel of waarvan jy nie hou nie, maar hersien ook jou beste onderwerpe. WENK: Begin alreeds in Kwartaal 1 met jou studies, want jy kan alreeds jou Gr 11-werk hersien.
- ➔ Tydsbestuur: Pas goeie lees- en berekeningsmetodes gereeld toe as jy studeer. Hierdie metodes sal voorkom dat jy tyd mors en verseker dat jy 'n vraestel in twee uur kan voltooi.
- ➔ Probeer om AL die vrae en sub-vrae te beantwoord. Moenie vroe ooplos nie, want een punt is beter as geen punte.
- ➔ Voltooi 'n berekening al is jy nie seker of dit korrek is nie. As jy hierdie 'verkeerde' antwoord korrek gebruik in die opvolgvraag, kan jy maksimum punte in die opvolgvraag verdien.
- ➔ Toon berekeninge tussen hakies in toetse en eksamens om deelpunte te kan verdien.



**Skandeer die QR-kode vir die Gr 12 Hersieningsmateriaal beskikbaar op die E-portal (zero-data)**

<https://wcedportal.co.za/eresource/109466>



Beste Graad 12-leerder

Religiestudies is die studie van religie as 'n universele fenomeen en van religieë wat in 'n verskeidenheid kulture gevind word. Die vak lei tot die herkenning, begrip en waardering van 'n verskeidenheid religieë binne mede-menslikheid, in die konteks van 'n burgerlike begrip van religie en met 'n oog op die ontwikkeling van religieuse geletterdheid.

## Vakvereistes

'n Handboek, 'n werkboek

## Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n opsomming van die inhoud wat aangespreek moet word in Religiestudies. Maak seker dat jy al die onderwerpe in jou hersieningsprogram insluit.

### 1. Verskeidenheid van Religieë

- ➔ Konsepte: identiteit, uniekheid, eenheid, ooreenkomst, verskil en vergelykbaarheid met betrekking tot religieë
- ➔ Interne verskille binne 'n aantal religieë
- ➔ Unieke kenmerke van verskeie religieë
- ➔ Inter-religieuse verhoudings in Suid-Afrika, Afrika en internasionale gemeenskappe

### 2. Algemene eienskappe van religie as 'n generiese en unieke verskynsel

- ➔ Die rolle van leringe in 'n verskeidenheid religieë
- ➔ Die sentrale leer van een religie
- ➔ Mondelinge, geskrewe en kontemporêre bronne in verskeie religieë
